Government Gazette
Staatskoerant

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Vol. 564 Pretoria, 20 June Junie 2012 No. 35455

N.B. The Government Printing Works will not be held responsible for the quality of "Hard Copies" or "Electronic Files" submitted for publication purposes

AIDS HELPLINE: 0800-0123-22 Prevention is the cure

IMPORTANT NOTICE

The Government Printing Works will not be held responsible for faxed documents not received due to errors on the fax machine or faxes received which are unclear or incomplete. Please be advised that an "OK" slip, received from a fax machine, will not be accepted as proof that documents were received by the GPW for printing. If documents are faxed to the GPW it will be the sender's responsibility to phone and confirm that the documents were received in good order.

Furthermore the Government Printing Works will also not be held responsible for cancellations and amendments which have not been done on original documents received from clients.

CONTENTS • INHOUD

No.		*Page No.*	*Gazette No.*
	GOVERNMENT NOTICE		
Agriculture, Forestry and Fisheries, Department of			
Government Notice			
474	Policy for the Small Scale Fisheries Sector in South Africa	3	35455

BELEID VIR DIE KLEINSKAALSE VISSERYSEKTOR IN SUID-AFRIKA

Hierdie is ‘n vertaling van die Engelse weergawe oor die Kleinskaal Visserybeleid, wat in die Staatskoerant verskyn het, soos deur die Minister gemagtig. Enige afleidings wat oor die betrokke beleid gemaak word sal egter op die Engelse teks gegrond word. Ingeval van teenstrydigheid tussen die verskillende vertalings van hierdie beleidsdokument of enige verwante kennisgewing, geld die oorspronklike Engelse weergawe geld.

Print to PDF without this message by purchasing novaPDF (http://www.novapdf.com/)

INHOUDSOPGAWE

1. INLEIDING EN AGTERGROND 1

1.1 Historiese perspektiewe van die kleinskaalse visserysektor 1

1.2 Huidige status van die kleinskaalse vissersgemeenskap 2
1.2.1 Maatskaplike dinamika van kleinskaalse vissers 2
1.2.2 Spesieverskeidenheid en tendense in hulpbrongebruik 3

1.3 Volhoubare bestuur van kleinskaalse visseryhulpbronne 4

1.4 Die rol van kleinskaalse vissery in ekonomiese ontwikkeling en voedselsekerheid 4
1.4.1 Armoedeverligting 4
1.4.3 Voedselsekerheid 6
1.4.4 Waardeketting en alternatiewe lewensonderhoud 6

1.5 Probleemstelling 8

2. OMVANG VAN BELEID 10

2.1 Toepaslikheid 10

2.2 Noodsaaklikheid vir 'n beleid 10

2.3 Strategiese posisie 11

2.4 Wetgewende raamwerk 12

3. BELEIDSBEGINSELS EN DOELSTELLINGS 13

3.1 Beginsels 13

3.2 Doelstellings 15

4. FOKUSPUNTE VAN BELEID EN PARADIGMAVERSKUIWING 17

4.1 Mense en gemeenskappe 17
4.1.1 Gemeenskapsoriëntasie en gemeenskapsgebaseerde benadering 17
4.1.2 Transformasie en gender 19
4.1.3 Maatskaplike sekerheid en rampverligting 21
4.1.4 Arbeidsregte en veiligheid ter see 22

4.2 Voorraadketting van vangs tot mark 23

4.3 Bestuur, monitering en toepassing 24
4.3.1 Medebestuur van visserye 24
4.3.2 Nakoming, monitering en toepassing 24

Print to PDF without this message by purchasing novaPDF (http://www.novapdf.com/)

4.4 Leer, inligting en volhoubaarheid 26
4.4.1 Kapasiteitsbou, konflikbestuur en geskilbeslegting 26
4.4.2 Beleid en wetgewing 27
4.4.3 Navorsing vir ekosisteembenadering tot visserybestuur 27
4.4.4 Navorsing vir tegnologie 27
4.4.5 Tegniese en raadgewende steundienste 28

5. MEGANISMES EN INSTRUMENTE VIR DIE BESTUUR VAN KLEINSKAALSE VISSERY 28

5.1 Bestuursinstrumente en -hulpmiddels 28
5.1.1 Omvattende bepaling van hulpbronstatus 28
5.1.2 Afbakening van kleinskaalse vissersgemeenskapsgebiede 29
5.1.3 Bestuursplanne 30
5.1.4 Tegniese beheermaatreëls 31
5.1.5 Ooreenkomste 31

5.2 Institusionele reëlings 33
5.2.1 Veelvlakkige organisasiemodel 33
5.2.2 Strukture op gemeenskapsvlak 33
5.2.3 Verdeling van rolle en verantwoordelikhede 34

6. BEHOUD VAN REGTE EN TOEKENNING VAN KLEINSKAALSE VISVANGREGTE 34

6.1 Behoud van regte 34

6.2 Toekenning van kleinskaalse visvangregte 36
6.2.1 Benadering tot toekenning 37
6.2.2 Gemeenskapsgebaseerde stelsel van regte-toekenning 37
6.2.3 Multispesiebenadering 38
6.2.4 Toekenningskriteria 40
6.2.5 Prosedure vir die verkryging van gemeenskapsgebaseerde regte 41
6.2.6 Duur van regte 46
6.2.7 Appèl 46
6.2.8 Meganismes vir konflikoplossing 46
6.2.9 Huidige regtehouers 47

6.3 Visverwerkingsondernemings 48

6.4 Toepaslikheid van permitte, heffings en fooie 49
6.4.1 Permitte, heffings en aansoekfooie 49
6.4.2 Voorwaardes vir kleinskaalse visvangregte en permitte 49

6.5 Oordrag van visvangregte 50

HERSIENING VAN DIE BELEID 50

Print to PDF without this message by purchasing novaPDF (http://www.novapdf.com/)

WOORDELYS – DEFINISIES EN AKRONIEME WAT IN DIE BELEID GEBRUIK WORD

Definisies

Terme	Definisies
Gemeenskap	Beteken enige groep persone of ’n gedeelte van sodanige groep wat gemeenskaplike belange het en hulself as ’n gemeenskap beskou. (Kleinskaalse vissersgemeenskap word hieronder gedefinieer)
Gemeenskapsgebaseerde regsentiteit	Beteken ’n erkende groep vissers van ’n geïdentifiseerde en verklaarde vissersgemeenskap, wat ’n regsentiteit met ewigdurende opvolging is, en die houer van ’n reg wat ingevolge hierdie beleid toegestaan of erken is.
Kleinskaalse vissers	Beteken mense wat visvang om in voedsel- en basiese bestaansbehoeftes te voorsien, of direk by die oes/verwerking of bemarking van vis betrokke is, tradisioneel in of naby kus-visvanggebiede werk, oorwegend tradisionele lae-tegnologie of passiewe visgereedskap gebruik, gewoonlik net vir een dag op ’n keer uitgaan om vis te vang, en in verkope of ruilhandel, of in kommersiële aktiwiteite betrokke is.
Kleinskaalse vissersgemeenskap	Beteken ’n gevestigde sosio-kulturele groep mense wat tans vissers is, of histories vissers was, met inbegrip van hulpwerkers en hul families; wat aspirasies of historiese belange of regte in die oes, vang of verwerking van lewende mariene hulpbronne deel; wat ’n geskiedenis van kleinskaalse visvangaktiwiteite deel, maar weens gedwonge verskuiwings nie noodwendig aan spesifieke seegebiede of geografiese gebiede gebonde is nie; en wat in die verlede of steeds naby die kus of in kuswaters werk, waar hulle voorheen toegang tot lewende mariene hulpbronne geniet het, of voortgaan om hul regte op gemeenskaplike wyse uit te oefen ingevolge ’n ooreenkoms, gebruik of wet; en wat hulself as ’n gemeenskap beskou.
Kleinskaalse vissery	Beteken die gebruik van lewende mariene hulpbronne op voltydse, deeltydse of seisoengrondslag, ten einde die sekerheid van voedsel en lewensbestaan te verseker. Vir die doel van hierdie beleid beteken vissery ook die inskakeling (deur mans en vroue) in aanvullende aktiwiteite, soos voor en na oes, met inbegrip van die voorbereiding van gereedskap vir oesdoeleindes die maak van nette, bou van bote (veredeling, verspreiding en bemarking van opbrengs), wat bykomende visseryverwante werks- en inkomstegeleenthede aan hierdie gemeenskappe verskaf.
Kleinskaalse visserysektor	Beteken daardie sektor van vissers wat tradisionele en/of passiewe visgereedskap gebruik en in ’n reeks arbeidsintensiewe oes-, verwerkings- en verspreidingstegnologieë betrokke is, ten einde lewende mariene hulpbronne op ’n voltydse, deeltydse of seisoengrondslag te oes om voedselsekerheid te verseker. Hierdie sektor van vissers is ook in aanvullende aktiwiteite, soos die maak van hul

Print to PDF without this message by purchasing novaPDF (http://www.novapdf.com/)

	eie nette en die bou van bote betrokke, wat bykomende visseryverwante werks- en inkomstegeleenthede aan hul gemeenskappe bied.
Kwesbare groepe	Kwesbare groepe in die konteks van kleinskaalse visserybeleid beteken vroue, kinders, gestremde en bejaarde persone wat (histories) deur ander in die visserysektor gemarginaliseer is, of enige ander persoon wat kan wys dat die gelyke beoefening van sy/haar regte en vryhede ernstig beïnvloed word, vergelykbaar met enige vroue, kinders, gestremde of bejaarde persone.
Lae-tegnologie- of passiewe gereedskap	Beteken eenvoudig visgereedskap, nette of vaartuie wat hoofsaaklik met die hand werk en tradisioneel in of vir die vang of oes van lewende mariene hulpbronne gebruik is.
Medebestuur	Beteken 'n bestuursbenadering waarin die regering en 'n kleinskaalse vissers-gemeenskap die verantwoordelikheid en gesag in die bestuur van 'n mariene hulpbron deur daardie gemeenskap deel.
Menseregtegebaseerde benadering	Beteken 'n benadering tot beleidsvorming en ontwikkeling wat die normatiewe menseregte-raamwerk en instrumente gebruik as riglyn vir die beplanning en meet van die vordering wat in die bereiking van die beleid se doelstellings gemaak is.
Multispesiebenadering	Beteken 'n reëling waar 'n voorafbepaalde verskeidenheid of mengsel van lewende mariene hulpbronne geoes of gevang word.
Volhoubare gebruik	Die bestuur en benutting van mariene en kushulpbronne om op 'n omgewingsgegronde wyse vis te vang, wat nie die vermoë van toekomstige generasies om uit dieselfde hulpbronne in hul behoeftes te voorsien in gevaar stel nie.
Volhoubare ontwikkeling	Die integrasie van maatskaplike ekonomiese en omgewingsfaktore in beplanning, implementering en besluitneming ten einde te verseker dat ontwikkeling huidige en toekomstige generasies dien.

Print to PDF without this message by purchasing novaPDF (http://www.novapdf.com/)

A: AFKORTINGS EN AKRONIEME

BIS	Bestuursinligtingstelsel
BSNO	Boerderystelsels-navorsing en -ontwikkeling
Departement	Departement van Landbou, Bosbou en Visserye in die Nasionale Regering
GGOP	Geïntegreerde Groei- en Ontwikkelingsplan vir Landbou, Bosbou en Visserye (Konsep), 2 September 2010
GOP	Geïntegreerde Ontwikkelingsplan
GOPV	Geïntegreerde Ontwikkelingsplan vir Visserye en Program van Aksie, 20 Mei 2010
Grondwet	Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996
NRO's	Nieregeringsorganisasies
NTS	Nasionale Taakspan
OKK	Ooskuskreef
PGOS	Provinsiale Groei- en Ontwikkelingstrategie
RAF	Raadgewende Adviesforum
SETA	Sektorale Onderwys- en Opleidingsowerheid vir Dienste
TOV	Totale ontplooide vangspogings
TTV	Totale toelaatbare vangste
TvB	Taakgroep vir Bestaansvissery
WKK	Weskuskreef
WLMH	Wet op Lewende Mariene Hulpbronne, 18 van 1998

Print to PDF without this message by purchasing novaPDF (http://www.novapdf.com/)

WNOB	Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 107 van 1998
WNOB:BD	Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Biodiversiteit, 10 van 2004
WNOB:BG	Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Beskermde Gebiede, 57 van 2003
WNOB:GKB	Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Geïntegreerde Kusbestuur, 24 van 2008

Print to PDF without this message by purchasing novaPDF (http://www.novapdf.com/)

1. INLEIDING EN AGTERGROND

Hierdie beleid het ten doel om herstel en erkenning te bied aan die regte van kleinskaalse vissersgemeenskappe in Suid-Afrika wat voorheen gemarginaliseer en teen gediskrimineer is ingevolge wette en beleid wat op grond van ras uitgesluit het, geïndividualiseerde permitgebaseerde stelsels van hulpbrontoekenning sowel as die onsensitiewe oplegging van bewaringsgedrewe regulering. In lyn met die breër agenda van transformasie in die visserysektor bied hierdie beleid die raamwerk vir die bevordering van die regte van hierdie vissers, ten einde die konstitusionele belofte van substantiewe gelykheid na te kom. Ingevolge ons grondwet is die regering inderdaad verbind tot die respektering, beskerming, bevordering en vervulling[1] van die regte van kleinskaalse vissers in Suid-Afrika.

Sodoende kom hierdie beleid die staat se verpligting ingevolge klousule 1 van die Afrika-handves vir Mense- en Volksregte[2] na, naamlik om wetgewing en ander stappe te aanvaar ten einde uitvoering te gee aan die regte wat in die handves verskans is. Hierdie beleid gee in die besonder uitvoering aan die beskerming van mense se regte om “hul ekonomiese en maatskaplike ontwikkeling na te streef, na aanleiding van die beleid wat hulle vrylik gekies het”[3] en om “vrylik oor hul rykdom en natuurlike hulpbronne te beskik”.[4]

1.1 Historiese perspektiewe van die kleinskaalse visserysektor

Lewende mariene hulpbronne word reeds vir eeue langs ons kuslyn geoes vir verbruiksdoeleindes, lewensbestaan, medisinale doeleindes en as deel van kulturele en spirituele gebruike. Bewyse van die gebruik van mariene hulpbronne deur inheemse (en plaaslike) kusgemeenskappe kom voor langs die suid-, oos- en weskus. Dit is duidelik uit argeologiese bewyse en mondelinge geskiedenis dat kleinskaalse vissers oor ’n lang geskiedenis van die oes van lewende mariene hulpbronne beskik. Langs sekere gebiede van die kus van KwaZulu-Natal word tussengetyhulpbronne byvoorbeeld reeds vir die laaste 100 000 jaar geoes. Baie kleinskaalse vissersgemeenskappe het voorvaderlike bande met die inheemse gemeenskappe en bewyse soos visfuike, skulppuinhope en oorblyfsels van argiefstukke oor gewoontepraktyke het behoue gebly.

---

1 Artikel 7(2) van die Suid-Afrikaanse Grondwet van 1996.

2 Suid-Afrika het die handves op 9 Julie 1996 bekragtig.

3 Klousule 20 van die Afrika-handves.

4 Klousule 21 van die Afrika-handves.

Print to PDF without this message by purchasing novaPDF (http://www.novapdf.com/)

Gedurende die koloniale era en meer onlangs gedurende die Apartheidsera, is baie tradisionele vissersgemeenskappe van hul grond langs die kus onteien. In die 1890's het Suid-Afrika beleid en wetgewing ingestel ten einde 'n vissery-bestuurstelsel tot stand te bring.

Hierdie stelsel was egter hoofsaaklik op die groeiende kommersiële visserysektor gerig en het die kleinskaalse visserysektor grootliks afgeskeep. Die kommersiële sektor is deur welvarende wit kapitaal gedomineer, wat vanaf die 1940's ondersteun is deur die reeks maatreëls wat die Apartheidsregime bekendgestel het om die vestiging van 'n voortvarende uitvoergeoriënteerde kommersiële visbedryf te ondersteun. Die meeste van die bruin en swart kusgemeenskappe wat buite die aangewese "Bantoestans" gewoon het, is gedurende hierdie tydperk van die toegang wat hulle tradisioneel tot die see en lewende mariene hulpbronne gehad het, ontneem; en prohibisies en regulasies het baie gedwing om vir die vismaatskappye wat in wit besit was, te werk. Die onteiening van grond, tesame met die instelling van nuwe visserybestuurstelsels, het daartoe gelei dat baie gemeenskappe sommige of ál hul gebruiklike toegang tot oeshulpbronne en tradisionele vispraktyke verloor het. Enkele gemeenskappe het daarin geslaag om hul tradisies en hierdie gewoontepraktyke te behou.

1.2 Huidige status van die kleinskaalse vissersgemeenskap

1.2.1 Maatskaplike dinamika van kleinskaalse vissers

Kleinskaalse vissers is 'n integrale deel van plattelandse en kusgemeenskappe waar hulle woon. Dit word in die sosio-ekonomiese profiel van sodanige gemeenskappe weerspieël. In die Oos-Kaap, KwaZulu-Natal en die Noord-Kaap woon kleinskaalse vissers hoofsaaklik in plattelandse gebiede, in vergelyking met dié in die Wes-Kaap, wat hoofsaaklik in stedelike en buitestedelike gebiede woon.

Volgens departementele rekords is vissers in die Wes-Kaap hoofsaaklik manlik, met 'n afnemende tendens in die rigting van die Oos-Kaap en KwaZulu-Natal. In die Wes-Kaap was vroue by oeswerk betrokke, maar hulle is meer onlangs gemarginaliseer. Vroue is egter by basie aktiwiteite betrokke wat 'n integrale deel van die kleinskaalse vissersgemeenskapsektor uitmaak.

Kleinskaalse vissers maak hul bestaan uit 'n wye verskeidenheid aktiwiteite buiten visvang om in hul basiese behoeftes te voorsien. Dit sluit onsekere en laag betaalde arbeid, sonder enige vooruitsig vir verbetering, staatstoelae en beperkte indiensneming in die dienssektor

Print to PDF without this message by purchasing novaPDF (http://www.novapdf.com/)

in. Kontantinkomste uit vissery dra tans slegs minimaal tot die lewensbestaan van kleinskaalse vissers by.

1.2.2 Spesieverskeidenheid en tendense in hulpbrongebruik

Organismes soos vinvis, mossels, seekat, kreef, sand- en moddergarnale, klipmossels en rooiaas, alikreukel, krappe, oesters, seegras, seeluis, wurms en perlemoen is oor die algemeen en tradisioneel die hulpbronne wat die meeste deur kleinskaalse vissers geoes word. Vinvis, kreef en perlemoen is hoofsaaklik, maar nie uitsluitlik nie, vir verkope geoes. Die tendens om geoeste hulpbronne vir voedsel te verbruik, is egter geneig om van die weste na die ooste toe te neem. Dit is belangrik om te beklemtoon dat daar biostreeksonderskeidings is in hulpbronverbruikspatrone en die spesifieke organismes wat die meeste geoes word.

Alhoewel weskuskreef (WKK) hoofsaaklik verkoop word, word ooskuskreef (OKK) ook vir aas en voedsel gebruik, eerder as om net verkoop te word. Aan die weskus word seegras hoofsaaklik deur mans verkoop en geoes, terwyl dit aan die plattelandse suidkus deur vroue uit arm huishoudings bymekaar gemaak word. Sand- en moddergarnale, wurms en rooiaas word vir aas geoes vir gebruik deur hengelaars.

Hulpbronne van rotsagtige, tussengety-gebiede word hoofsaaklik vir voedselverbruik deur arm huishoudings in plattelandse gebiede geoes. Alhoewel die aanvraag nie hoog is nie, teiken tradisionele genesers sommige spesies vir medisinale doeleindes.

Die toerusting wat deur kleinskaalse vissers gebruik word, sluit roeibote in sommige gebiede, motorbote langs die suid- en weskus, en eenvoudige visgereedskap, met inbegrip van hande, voete, skroewedraaiers, handlyne, garnaalpompe, stokke met katrolle, gaffels, hoepelnette, kieunette, treknette en semi-permanent gestelde kraalstrikke in.

Die diversiteit binne die kleinskaalse visserysektor en sy potensiële bydrae tot armoedeverligting en voedselsekerheid word nie in die Wet op Lewende Mariene Hulpbronne (WLMH) aangeroer nie. Die aansoek- en toekenningproses soos deur die Algemene Visserybeleid oor die Toekenning en Bestuur van Langtermyn- Kommersiële Visvangregte (Mei 2005) bepaal, was te ingewikkeld en mededingend vir kleinskaalse vissers. Dit het daartoe gelei dat ’n groot persentasie van die tradisionele kleinskaalse vissers uit die proses uitgesluit is.

Print to PDF without this message by purchasing novaPDF (http://www.novapdf.com/)

1.3 Volhoubare bestuur van kleinskaalse visseryhulpbronne

Kleinskaalse vissers het tradisioneel ’n verskeidenheid lewende mariene hulpbronne geoes en verskillende oesmetodes gebruik. Die hulpbron wat in ’n bepaalde gebied geoes is, het ook van streekspatrone in die verspreiding van die verskeie lewende mariene hulpbronne afgehang. Dit moet in ag geneem word wanneer bepaal word watter lewende mariene hulpbronne op die kleinskaalse visserysektor van toepassing is.

Die Departement erken dat die kleinskaalse visserysektor vir sy maatskaplike, sosio-ekonomiese, en makro-ekonomiese bydraes tot basiese voedselsekerheid erken moet word.

Die Departement erken ook dat die ekosisteembenadering sentraal tot die visserybestuurstelsel staan. Kleinskaalse visseryhulpbronne sal in terme van ’n gemeenskapsgebaseerde medebestuursbenadering bestuur word, wat moet verseker dat die oes en gebruik van die hulpbron op ’n volhoubare wyse, in lyn met die ekosisteembenadering, plaasvind.

1.4 Die rol van kleinskaalse vissery in ekonomiese ontwikkeling en voedselsekerheid

Die Departement erken dat kleinskaalse vissers ’n bydrae tot die land se ekonomie sal maak en dat een of ander vorm van die verdelingsmeganismes wat op armoedeverligting of generiese maatskaplike ondersteuning toegespits is, benodig word. Ondersteuning is ook nodig vir infrastruktuur en dienste wat noodsaaklik vir ekonomiese ontwikkeling is, maar waarskynlik nie deur die privaat sektor gebied sal word nie, byvoorbeeld die oprigting van ’n vervoerinfrastruktuur na markte en die voorsiening van onderwys- en gesondheidsorgfasiliteite. Die Departement erken dus dat ’n ontwikkelingsagenda geïmplementeer moet word ten einde kleinskaalse vissery te dryf.

1.4.1 Armoedeverligting

Die belangrikste bydrae van die kleinskaalse visserysektor tot armoedeverligting is tans deur die gebruik van lewende mariene hulpbronne vir voedselsekerheid. Uit ondervinding leer ons dat visvang- en verwante aktiwiteite nie hoë ekonomiese opbrengs vir die meerderheid huishoudings wat by (voltydse of seisoen-) visvangaktiwiteite in ontwikkelende lande betrokke is, lewer nie. Dit help hulle eerder om hul lewensbestaan te handhaaf en voorkom dat hulle in verdere armoede verval.

Print to PDF without this message by purchasing novaPDF (http://www.novapdf.com/)

In situasies waar daar ekonomies of institusioneel beperkte toegang tot ander kapitaal (byvoorbeeld, finansiële kapitaal soos krediet) of produksiefaktore (soos privaat grond) is, bied die relatief maklike en vrye toegang tot visvanggebiede armes die geleentheid om meer op die gewone plaaslike hulpbronne te steun ten einde die goedere en dienste te verkry wat hulle nodig het om hul lewensbestaan te handhaaf, of om toegang tot betaalde indiensneming te verkry. Hierdie vangnet-dimensie van vissery is van groter belang en toepassing op arm en gemarginaliseerde huishoudings – in besonder diegene met beperkte toegang tot grond en ander hulpbronne.

Alhoewel hierdie armoedeverligtingsmeganismes moontlik minder aantreklik uit 'n suiwer ekonomiese oogpunt is (geen noemenswaardige surplushuur word deur hierdie aktiwiteite gegenereer nie), is die rol wat kleinskaalse vissery as lewensbestaanondersteuning en hanteringsmeganisme speel van kardinale belang uit 'n maatskaplike oogpunt, in die besonder in gebiede waar alternatiewe indiensneming skaars kan wees en waar maatskaplike sekerheidsprogramme minimaal is of nie bestaan nie. In sodanige gebiede kan vissery 'n kritieke rol as "welvaart-" (of herverdeling-) stelsel speel, wat andersins deur middel van ander vorme van maatskaplike ondersteuning deur die plaaslike, provinsiale en nasionale regering gebied sou moes word.

Kleinskaalse vissery moet ook 'n belangrike vangnet vir kwesbare kleinskaalse vissershuishoudings bied (selfs diegene wat nie voorheen arm was nie) wanneer hulle 'n skielike afname in hul inkomste in die gesig staar. Dit kan byvoorbeeld gebeur wanneer die hoof van 'n huishouding sy/haar werk verloor of, op 'n groter skaal, wanneer die plaaslike of selfs nasionale ekonomie agteruitgaan.

Die afhanklikheid van vissery om inkomste vir die armstes te bied, het nie net op visseryaktiwiteite op sigself betrekking nie, maar is ook op verwerkings- en handelsaktiwiteite van toepassing. Hierdie aspek verleen 'n belangrike genderdimensie aan kleinskaalse vissery, synde dat vroue gewoonlik die hoofdeelnemers in hierdie verwante sektore is.

1.4.2 Werkskepping en lewensonderhoud

Kleinskaalse vissery kan substansiële werkskeppings- en lewensbestaansgeleenthede bied indien vissers en gemeenskappe betrokke is by en deel uitmaak van die hele voorraadketting en verwante aktiwiteite. Die Departement erken sy en die regering se rol as fasiliteerder en verskaffer van 'n omgewing wat werkskepping deur 'n lewensvatbare kleinskaalse visserysektor binne die groter visserybestuursregime in Suid-Afrika bevorder.

Print to PDF without this message by purchasing novaPDF (http://www.novapdf.com/)

1.4.3 Voedselsekerheid

Vis is ’n belangrike bron van proteïen – in die besonder waar ander bronne van diereproteïen skaars of duur is. Die per capita-visverbruik in Suid-Afrika is egter laag, aangesien die meeste van die bevolking vee- en pluimveeproteïen verkies. Die bydrae van kleinskaalse vissery tot voedselsekerheid as ’n belangrike bron van goedkoop proteïne moet egter nie onderskat word nie; en die inkomste wat daaruit gegenereer word, kan ook gebruik word om voedsel te koop. Die beleid poog om aan hierdie kwessie aandag te gee deur toegang tot lewende mariene hulpbronne te verseker en die voordele wat vissers uit hierdie hulpbronne verkry, te maksimaliseer.

1.4.4 Waardeketting en alternatiewe lewensonderhoud

Die regering erken dat daar potensiaal vir waardetoevoeging en werkskepping in sekere visserysektore bestaan, maar dat aansporings nodig is om die ontwikkeling van waardetoevoegingsaansporings te stimuleer.[5] Die Konsepplan vir Geïntegreerde Groei en Ontwikkeling in Landbou, Bosbou en Visserye (sektor-GGOP) stel ’n kettingwye (waardeketting-) benadering voor en erken die noodsaaklikheid dat dit in lyn met die Departement Handel en Nywerheid se mandaat gebring moet word.[6] Die plan om die sektor te versterk sluit fokus op die volgende in:

a) billikheid in die waardeketting;

b) groei en mededingendheid deur hulpverlening aan klein operateurs (soos kleinskaalse vissers) om hulle in staat te stel om hul produktiwiteit en inkomste te verbeter, en terselfdertyd te verseker dat die kommersiële sektor aanhou groei; en

c) omgewingsvolhoubaarheid om te verseker dat die natuurlike hulpbronne waarvan die sektor afhanklik is volhoubaar en doeltreffend gebruik word.

Dit is in die besonder relevant met betrekking tot ondersteuning van die kleinskaalse visserysektor en word weerspieël in die Departement se Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) vir Vissery en Program van Aksie. Hierdie plan sluit strategiese doelwitte in wat spesifiek op die waardeketting en die ontwikkeling van ’n alternatiewe lewensbestaan vir kusgemeenskappe gemik is, ten einde die implikasies wat hulpbronbeperkinge en -skaarste op die groei en ontwikkeling van die sektor het, te verminder. Die oogmerk van hierdie

---

5 Sektor- Geïntegreerde Groei en Ontwikkelingsplan, 2011 – 2031, bl. 13 (Konsep).

6 Sektor- Geïntegreerde Groei en Ontwikkelingsplan, 2011 – 2031, bl. 43 (Konsep).

Print to PDF without this message by purchasing novaPDF (http://www.novapdf.com/)

doelwitte is om 'n bemagtigende omgewing te skep wat waardetoevoegende aktiwiteite en 'n alternatiewe lewensbestaan in kernsektore en -subsektore soos kleinskaalse vissery aanspoor en ondersteun. Die GOP vir vissery fokus staatsingryping op die ontwikkeling en oordrag van nuwe vaardighede wat die plaaslike ekonomie sal versterk en behoorlike werksgeleenthede sal skep. Sommige van die ingrypings wat by hierdie plan ingesluit is, het ten doel om die ontwikkeling en ondersteuning van die ontwikkeling van 'n alternatiewe lewensbestaan te bevorder. Met dit in gedagte het die Departement homself tot 'n uitgebreide ontleding van elk van Suid-Afrika se 22 kommersiële visserysektore verbind ten einde 'n beter begrip te ontwikkel van die sosio-ekonomiese dinamika wat betrokke is en om beleidsvorming- en besluitnemingsprosesse in te lig.

Daar word beoog dat dit sal bydra tot die ontwikkeling van 'n ekonomie waarin alle rolspelers, met inbegrip van kleinskaalse vissers, die kommersiële sektor en die regering, op volhoubare wyse die maksimum voordeel en finansiële gewin uit hierdie nasionale mariene hulpbronne sal put. Ander inisiatiewe sluit die volgende in:

a) belegging in verwerkings- en bemarkingsinfrastruktuur in produktiewe gebiede;

b) die ontwikkeling van relevante bemarkingstrategieë vir visserysones;

c) kapasiteitsontwikkelingsprogamme en die deel van inligting;

d) die ontwikkeling van gebieds- en vissery-ekonomieseontwikkelingsones met doelgerigte ontwikkelingsprogramme in elke sone;

e) die ontwikkeling van bestaande geproklameerde visvanghawens om billike toegang tot mariene hulpbronne te verseker ten einde plaaslike ekonomiese ontwikkeling te bevorder;

f) die bevordering van werkskepping deur die implementering van die Werk vir Vissery-program; en

g) akwakultuurontwikkeling.

Die GOP vir vissery identifiseer verskeie ingrypings wat gemik is op tegniese en ondersteuningsdienste wat aan die sektor verleen word, en wat, sodra dit geïmplementeer is, die kleinskaalse vissery-sektor sal bevoordeel. Dit sluit in die totstandbrenging van 'n tegniese ondersteunings- en adviesdiensprogram en die ontwikkeling van 'n omvattende visverwerking-/veredelingstrategie, om die maksimum voordeel vir nuwe marktoetreders deur die hele waardeketting in elke vissery te verseker.

Print to PDF without this message by purchasing novaPDF (http://www.novapdf.com/)

Hierdie plan sluit strategiese doelwitte in wat spesifiek op die waardeketting en die ontwikkeling van aanvullende en alternatiewe bestaanmiddele vir kusgemeenskappe fokus ten einde die implikasies van hulpbronbeperkinge en -skaarste vir die groei en ontwikkeling van die sektor te verminder. Die oogmerk van hierdie doelwitte is om 'n bemagtigende omgewing te skep wat waardetoevoegingsaktiwiteite, aanvullende en alternatiewe bestaansmiddele in kernsektore en -subsektore aanmoedig en ondersteun.

1.5 Probleemstelling

Die formulering van hierdie beleid vind binne 'n baie uitdagende en komplekse konteks plaas en verskeie faktore bepaal die formulering daarvan. Hierdie faktore sluit die volgende in:

a) die gebrek aan 'n holistiese benadering tot visserybeleid en -bestuur, aangesien die ontwikkeling van 'n nuwe kleinskaalse visserybeleid plaasvind meer as twee dekades na die afkondiging van die WLMH en nadat langtermynregte toegestaan is;[7]

b) die bestaande benadering tot visserybestuur, wat individuele regte deur middel van 'n toekenningproses vir langtermynregte toeken wat histories en met die uitsondering van een of twee sektore, soos tradisionele lynvis, in die rigting van die uitvoergedrewe, kommersiële visserysektor in Suid-Afrika georiënteer is;

c) die feit dat kleinskaalse vissers nie 'n erkende kategorie vissers is in die wetgewing wat toegang tot en die verbruik van lewende mariene hulpbronne reguleer nie;

d) die toekenning van kommersiële visvangregte aan 'n klein getal tradisionele kleinskaalse vissers het 'n negatiewe impak op die tradisionele vissersgemeenskappe en hul lewenstyle gehad, aangesien 'n groot persentasie van hierdie vissers nog geen toekenning ontvang het nie;

e) die onregverdigheid van vorige besluite om lewende mariene hulpbronne op eksklusiewe wyse (dit is slegs vir kommersiële en ontspanningsdoeleindes) toe te ken en sonder behoorlike oorweging van die kwesbaarheid wat die meeste kleinskaalse vissers in die gesig sou staar indien hulle met 'n kommersiële omgewing sou moes meeding;

f) Bevele van die Gelykheidshof wat die regering verplig om 'n beleidsraamwerk te finaliseer wat kleinskaalse tradisionele en bestaansvissers doelmatig in die toekenning van visvangregte sal akkommodeer, deur die sosio-ekonomiese regte van tradisionele bestaansvissers te beveilig en gelyke toegang tot lewende mariene hulpbronne vir hierdie vissers te verseker;

---

[7] Langtermyn- kommersiële visvangregte is in ongeveer 2006, ná die publikasie van die Algemene Beleid en ander sektorspesifieke beleid, toegestaan.

Print to PDF without this message by purchasing novaPDF (http://www.novapdf.com/)

g) internasionale en streeksooreenkomste met betrekking tot die ontwikkeling van volhoubare en verantwoordelike vissery waartoe Suid-Afrika 'n party is;

h) toenemende kommer oor die toestand en volhoubaarheid van lewende mariene hulpbronne;

i) besoedeling en agteruitgang van mariene ekosisteme;

j) die moontlike impak van omgewings- en klimaatsveranderings op kusgemeenskappe: veranderinge in biodiversiteitsverspreiding en die potensiële verlies van sommige spesies en ekosisteemdienste waarop mense staatmaak, sal die voorsiening van voedsel, water en brandstof negatief beïnvloed; en die impak van klimaatsverandering sal waarskynlik die ernstigste in die westelike gedeelte van die land wees, waar minder reënval en hoër temperatuur die beskikbaarheid en toeganklikheid van (en aanvraag vir) water, landbou, bosbou, vissery en biodiversiteit sal beïnvloed;[8]

k) hoë vlakke van armoede en voedselonsekerheid, nie slegs in die geraakte kusgemeenskappe nie, maar in suidelike Afrika as 'n streek;

l) 'n gebrek aan genderbillikheid; en

m) die wêreldwye ekonomiese resessie.

[8] DOS, Konsep- Nasionale Strategie vir Volhoubare Ontwikkeling, Januarie 2010.

Print to PDF without this message by purchasing novaPDF (http://www.novapdf.com/)

2. OMVANG VAN BELEID

Die beleid vir die kleinskaalse visserysektor erken dat tradisionele/ambagsvissers uitgesluit is uit die toekenningproses vir langtermynregte ingevolge die Algemene Beleid oor die Toekenning van Langtermynvisvangregte, 2005, en die effek wat dit op kleinskaalse vissersgemeenskappe gehad het. Dit bied 'n meganisme vir die toekenning van visvangregte aan kleinskaalse vissersgemeenskappe en verseker billike toegang tot lewende mariene hulpbronne vir hierdie gemeenskappe.

2.1 Toepaslikheid

Die diversiteit binne die kleinskaalse visserysektor verhoog die sektor se potensiële bydrae tot armoedeverligting en voedselsekerheid en dit is daarom belangrik om 'n effektiewe raamwerk te hê ten einde die sektor se optimale gebruik as sleutelrolspeler ten opsigte van voedsel vir huishoudelike gebruik en inkomste vir voedselaankope te verseker. Hierdie diversiteit word as deel van 'n geïntegreerde en volhoubare bestuursprogram vir die sektor gedokumenteer en word op die hoogste vlak in 'n beleid as grondslag vir enige strategie en betrokke wetgewing ondersteun.

Hierdie beleid sal 'n effektiewe grondslag vorm vir die bepaling van watter lewende mariene hulpbronne op die kleinskaalse visserysektor van toepassing is. Dit sal die volgende insluit:

a) die beginsel van voorkeurtoegang tot kleinskaalse vissersgemeenskappe wat tradisioneel vir hul lewensbestaan van lewende mariene hulpbronne afhanklik was;

b) aanneming van 'n multispesiebenadering in die toekenning van visvangregte aan kleinskaalse vissers;

c) 'n medebestuursbenadering tot die bestuur van die kleinskaalse visserysektor; en

d) dat die integriteit van ekosisteme en volhoubaarheid van die hulpbron nie in gevaar gestel word nie.

2.2 Noodsaaklikheid vir 'n beleid

Ná 1994 hou 'n belangrike beperking ten opsigte van die volledige transformasie van die sektor verband met die definisie van bestaansvissery in die WLMH, wat hierdie kategorie beperk tot diegene wat vir plaaslike verbruik visvang met uiters beperkte plaaslike verkope, en daardeur ander kleinskaalse en ambagsvissers uitsluit wat vir hul lewensbestaan vang en verkoop, hoewel dit slegs op klein skaal is. Die definisie is ook tot oes beperk en is daarom geneig om diegene wat direk by voor- en na-oeswerk betrokke is, uit te sluit. Dit het

Print to PDF without this message by purchasing novaPDF (http://www.novapdf.com/)

besondere implikasies vir vroue in streke waar hulle nie direk by oes betrokke is nie, maar moontlik wel by aasvoorbereiding, skoonmaak, verwerking en bemarking van die vangs.

Die implikasies van hierdie definisie vir kleinskaalse vissers is geïdentifiseer en in 2007 het die Nasionale Spitsberaad oor Kleinskaalse Vissery 'n Nasionale Taakspan (die NTS), met verteenwoordigers uit vissersgemeenskappe in al vier kusprovinsies, verkies en opdrag gegee om toesig te hou oor die proses van die ontwikkeling van 'n beleid wat die ongelykhede met betrekking tot die kleinskaalse visserysektor in die huidige bedeling onder die loep neem. Tradisionele kleinskaalse vissersgemeenskappe wil hê dat hul tradisionele en gebruiklike visvangpraktyke binne die visserybestuurstelsel erken word.

Die toepaslikheid van hierdie beleid in ag genome is dit duidelik dat 'n nuwe benadering benodig word om vir die ekologiese volhoubaarheid van die hulpbron en die progressiewe verwesenliking van menseregte binne die geraakte gemeenskappe voorsiening te maak.

Die Departement erken dat, ten einde dit te bereik, die beleid die volgende moet doen:

a) die volhoubare verbruik van lewende mariene hulpbronne verseker op 'n wyse wat billike toegang tot hulpbronne verseker, ten einde die hindernisse wat deur kleinskaalse vissers ervaar is, te verminder en te verwyder;

b) 'n reeks geskikte meganismes instel wat 'n geïntegreerde benadering in die toekoms sal bevorder en moontlike konflikte in die tussentyd hanteer;

c) 'n bestel bied wat sal bydra tot pogings om armoede uit te roei, voedselsekerheid te verseker en billikheid te bevorder, sonder om die ekologiese volhoubaarheid van lewende mariene hulpbronne in gevaar te stel;

d) tradisionele/bestaansvissers doelmatig akkommodeer, die sosio-ekonomiese regte van tradisionele/bestaansvissers beveilig, asook billike toegang tot lewende mariene hulpbronne bied; en

e) voorsien vir die opheffing van hierdie gemeenskappe deur geskikte ondersteuningsmeganismes, opvoeding en opleiding, infrastruktuur en deelnemende bestuurspraktyke te gebruik.

2.3 Strategiese posisie

Die sektor is 'n sleutelrolspeler in die volhoubare gebruik van lewende mariene hulpbronne as direkte en indirekte gebruikers wat reeds 'n groot impak op voedselsekerheid het deur vis as voedsel en visvang en verwante aktiwiteite om inkomste vir die koop van voedsel te genereer in gebiede waar kleinskaalse vissery 'n lewenswyse is.

Print to PDF without this message by purchasing novaPDF (http://www.novapdf.com/)

Die beleid sal die ontwikkeling van ’n multisektorale en geïntegreerde benadering fasiliteer wat die volgende belangrike prioriteite van Regering 2010 – 2014, Mediumtermyn-Strategiese Raamwerk sal inkorporeer – naamlik:

a) ekonomiese groei en transformasie van die ekonomie om behoorlike werk en volhoubare lewensbestaan te skep;

b) lewendige, billike, volhoubare plattelandse gemeenskappe wat tot voedselsekerheid vir almal bydra; en

c) die beskerming en verbetering van ons omgewingsbates en natuurlike hulpbronnedeur middel van volhoubare hulpbronbestuur en -gebruik.

Hierdie sektor bied ook belangrike voordele in terme van omgewings- en maatskaplike wins relatief tot die industriële sektor. Die Departement is daartoe verbind om te verseker dat hierdie voordele gerealiseer word deur die kleinskaalse sektor, waar nodig, te ondersteun.

Dit sal ook die integrasie van ’n reeks ingrypings rig en fasiliteer wat tot die inkorporasie van kleinskaalse vissery in hoofstroom- mariene visserybestuur sal lei.

2.4 Wetgewende raamwerk

Vissery val binne die wetgewende bevoegdheid van die nasionale regeringsfeer en word grootliks ingevolge die WLMH gereguleer. Dit is in lyn met die grondwetlike opdrag om die omgewing te beskerm en die ekologiese volhoubare ontwikkeling en gebruik van natuurlike hulpbronne te beveilig terwyl geregverdigde ekonomiese en maatskaplike ontwikkeling bevorder word. Die Wet sluit bepalings in wat die gebruik en bestuur van lewende mariene hulpbronne en ekosisteme reguleer, ten einde ekonomiese groei, menslikehulpbronbestuur en kapasiteitsbou binne visserye te bereik, terwyl voorsorgbenaderings tot sodanige aktiwiteite toegepas word. Die WLMH het ook, met die maatreëls wat dit instel, die transformasie van die ongelykhede van die vorige visserystelsel ten doel.

Bykomend tot die WLMH het verskeie ander nasionale wette ook op die kleinskaalse visserysektor en die gebruik en bestuur van lewende mariene hulpbronne betrekking. Dit sluit die volgende in:

a) die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Geïntegreerde Kusbestuur, 2008 (No. 24 van 2008) (WNOB:GKB);

b) die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 1998 (No. 107 van 1998) (WNOB);

Print to PDF without this message by purchasing novaPDF (http://www.novapdf.com/)

c) die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Biodiversiteit, 2004 (No. 10 van 2004) (WNOB:BD);

d) die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Beskermde Gebiede, 2003 (No. 57 van 2003) (WNOB:BG);

e) die Wet op die Bemarking van Landbouprodukte, 1996 (No. 47 van 1996);

f) die Dierebeskermingswet, 1962 (No. 71 van 1962);

g) die Wet op Nasionale Hawens, 2005 (No. 12 van 2005);

h) die Maatskappyewet, 2008 (No. 71 van 2008);

i) die Wet op Koöperasies, 2005 (No. 14 van 2005); en

j) die Wet op Verenigings vir Gemeenskaplike Eiendom, 1996 (No. 28 van 1996).

Die Departement erken dat die transformasie van die samelewing, vaardigheidsontwikkeling en veilige toegang tot grond, basiese dienste en die hulpbronne waarvan lewensbestaan afhanklik is van kritieke belang in die verligting van armoede en die herstel van ongelykhede van die verlede is. Hierdie vissers en gemeenskappe moet, waar nodig, bygestaan word om toegang te verkry tot meganismes en beleid wat op die herstel van die verlede toegespits is.

3. BELEIDSBEGINSELS EN DOELSTELLINGS

3.1 Beginsels

Die beginsels wat in hierdie afdeling uiteengesit word, het op die optrede van die regering betrekking en:

a) sal saam met alle ander toepaslike en relevante oorwegings van toepassing wees, met inbegrip van die regering se verantwoordelikheid om die maatskaplike en ekonomiese regte in hoofstuk 2 van die Grondwet en spesifiek die basiese behoeftes van die kategorieë persone wat deur onregverdige diskriminasie benadeel is, te respekteer, te beskerm, te bevorder en na te kom;

b) dien as die algemene raamwerk waarbinne implementeringsplanne geformuleer moet word en regsentiteite binne gemeenskappe opgerig word;

c) dien as riglyne met verwysing waarna enige funksie uitgeoefen of besluit geneem moet word rakende bestuur van die sektor;

Print to PDF without this message by purchasing novaPDF (http://www.novapdf.com/)

d) dien as beginsels met verwysing waarna konflikoplossing onderneem moet word; en

e) rig die interpretasie, administrasie en implementering van hierdie beleid.

Hierdie afdeling sit die beginsels vir kleinskaalse vissery uiteen wat die regering en belanghebbendes in die uitvoering van die visie en doelstellings van die beleid sal rig. Die staat moet:

a) die bestaan van enige regte wat deur die gemenereg, gewoontereg of wetgewing toegeken is in só 'n mate erken dat dit konsekwent met die Handves van Regte is;[9]

b) die regte wat deur gewoonte en die reg gewaarborg word en toegang tot en die gebruik van natuurlike hulpbronne op 'n gemeenskaplike grondslag erken in só 'n mate dat dit konsekwent met die Handves van Regte is;[10]

c) 'n geïntegreerde en holistiese benadering aanneem wat op menseregtebeginsels gebaseer is;

d) 'n benadering erken wat tot armoedeverligting, voedselsekerheid en plaaslike sosio-ekonomiese ontwikkeling bydra;

e) biodiversiteit en die volhoubare gebruik en bestuur van lewende mariene hulpbronne en verwante ekosisteme bevorder;

f) erken dat die versteuring van die ekosisteem en biologiese diversiteit vermy moet word, of waar dit nie vermy kan word nie, beperk moet word;

g) die interafhanklikheid van die maatskaplike, ekonomiese en ekologiese dimensies van (kleinskaalse) visserystelsels erken;

h) 'n benadering van medebestuursbemagtiging aanneem wat die kapasiteit van die vissers deur opvoeding, opleiding en vaardigheidsontwikkeling in alle aspekte van die vissery kan bou;

i) verantwoordbare en deursigtige strukture en meganismes ontwikkel;

j) doeltreffende deelname aan beleidsontwikkeling, bestuur en besluitneming bevorder;[11]

---

[9] Ingevolge artikel 39(3) van die Grondwet

[10] Ingevolge artikel 39(3) van die Grondwet

[11] Hierdie beginsel is in lyn met die bepalings van die WNOB vir deelname en die behoefte aan kapasiteitsontwikkeling om doelmatig deel te neem.

Print to PDF without this message by purchasing novaPDF (http://www.novapdf.com/)

k) billike toegang tot en betrokkenheid by alle aspekte van die vissery bevorder, in die besonder deur op vooroordele teenoor vroue en ander gemarginaliseerde groepe in die verlede te let;[12]

l) voorkeurtoegang tot die oes van lewende mariene hulpbronne vir kleinskaalse vissers wat deel van 'n kleinskaalse vissersgemeenskap uitmaak, hul bestaansmiddele uit die see kry en in lyn met 'n gemeenskapsgebaseerde regsentiteit is, bevorder;

m) verseker dat kleinskaalse vissersgemeenskappe nie fisiese toegang tot infrastruktuur en fasiliteite wat sentraal staan tot die uitoefening van hul reg om vis te vang, ontsê word nie;

n) 'n benadering gegrond op gemeenskapsgebaseerde regte tot die toekenning van lewende mariene hulpbronne inkorporeer;

o) erken dat hulpbronne deur middel van 'n multispesiebenadering toegeken kan word;

p) die aanvullende waarde van inheemse en plaaslike kennis erken;

q) waar besitreg tot kusgrond kusgemeenskappe raak en die implementering van hierdie beleid beïnvloed, moet daar skakeling met die relevante staatsorgane wees ten einde sodanige geskille op te los; en

r) tot die ontwikkeling van kleinskaalse vissery bydra, deur die bevordering van inisiatiewe wat die algehele waardeketting sal verbeter en ondersteun, met inbegrip van alle ekonomiese aktiwiteite wat verband hou met die voorsiening van die oes van mariene hulpbronne, verwerking, verspreiding, logistiek en verwante aktiwiteite wat waarde tot visprodukte voeg en die kapasiteit van kleinskaalse vissersgemeenskappe om toegang tot die algehele waardeketting te hê en dit te optimaliseer, verbeter en ondersteun.

3.2 Doelstellings

Die primêre doel van hierdie beleid is om bepaalde fundamentele veranderinge in die regering se benadering tot die kleinskaalse visserysektor bekend te stel. Dit behels die aanneming van 'n ontwikkelingsbenadering en 'n geïntegreerde en regsgebaseerde toekenningstelsel wat die behoefte om ekologiese volhoubaarheid van hulpbronne te verseker, erken; identifiseer kleinskaalse vissers as 'n kategorie vissers vir die doeleindes van die WLMH in die reg; en maak voorsiening vir gemeenskapsoriëntasie in die bestuur van lewende mariene hulpbronne wat deur hierdie vissers geoes word. Met hierdie doelwit in gedagte, word die volgende strategiese beleidsdoelstellings voorgestel:

---

[12] Hierdie beginsel is in lyn met die Handves van Regte.

Print to PDF without this message by purchasing novaPDF (http://www.novapdf.com/)

a) om formele en toepaslike regsbeskerming aan kleinskaalse vissers te verleen, deur die erkenning en toekenning van hul visvangregte;

b) om billike (ras, gender, gestremdheid) toegang tot en voordele uit lewende mariene hulpbronne te bevorder, met inagneming van die visser(s) se historiese agtergrond;

c) om toegang tot lewende mariene hulpbronne te verbeter deur middel van meganismes wat voorkeurtoegang aan kleinskaalse vissers verleen, met inbegrip van die verklaring, waar toepaslik, van stroke grond as kustoegangsgrond om toegang te verseker;[13]

d) om die kleinskaalde visserysektor en toepaslike lewende mariene hulpbronne op geïntegreerde en holistiese wyse te medebestuur, met erkenning van nasionale bestuursprotokols en gelyktydige reaksie op plaaslike kontekste;

e) om die langtermyn- volhoubare gebruik en bestuur van lewende mariene hulpbronne en omliggende kusomgewings te verseker;

f) om die volhoubare ontwikkeling van visserye wat as kleinskaals geïdentifiseer is, te verseker, en seker te maak dat kleinskaalse vissersgemeenskappe die maksimum voordeel uit hierdie hulpbronne put en die hoofbegunstigdes is;

g) om waardetoevoegingsontwikkeling en -ondersteuning te fasiliteer deur middel van belegging in verwerking- en bemarkingsinfrastruktuur in produktiewe gebiede; ontwikkeling van relevante bemarkingstrategieë vir visvangsones; en kapasiteitsontwikkelingsprogramme;

h) om die totstandbrenging van geskikte institusionele reëlings in verskillende regeringsfere, in die besonder medebestuursreëlings, te fasiliteer, ten einde uitvoer aan hierdie beleid te gee;

i) om samewerkende beheer met relevante regeringsdepartemente wat by vissery-afhanklike gemeenskappe betrokke is, te fasiliteer, ten einde armoedeverligting, voedselsekerheid, volhoubare lewensbestaan, regverdige en veilige arbeidspraktyke en plaaslike ekonomiese ontwikkeling te bevorder;

j) om die totstandbrenging van meganismes te fasiliteer wat kleinskaalse vissersgemeenskappe se kwessies met betrekking tot hawens, verdedigings- of ander strategiese fasiliteite en mariene beskermingsgebiede in die uitoefening van hul reg om vis te vang, sal aanroer;

k) om die wysigingsproses van die WLMH te rig;

l) om maatreëls en meganismes in te stel wat die kleinskaalse visserysektor, binne vissery as 'n geheel, prioritiseer;

---

[13] Hierdie beginsel is in lyn met artikel 18 van die WNOB:GKB.

Print to PDF without this message by purchasing novaPDF (http://www.novapdf.com/)

m) om meganismes en strukture in te stel wat ’n benadering tot die oes en bestuur van lewende mariene hulpbronne binne die kleinskaalse visserysektor wat op gemeenskapsoriëntasie, medebestuur en die gemeenskap gebaseer is, te bevorder; en

n) om die deelname van geraakte kleinskaalse vissersgemeenskappe aan die beplanning en implementering van mariene beskermingsgebiede deur relevante departemente te fasiliteer.

4. FOKUSPUNTE VAN BELEID EN PARADIGMAVERSKUIWING

Die visie van kleinskaalse vissers is ’n volhoubare, billike, kleinskaalse visserysektor waarin die welsyn en lewensbestaan van vissers- en kusgemeenskappe veilig is en die gesondheid van mariene ekosisteme gehandhaaf word. Kleinskaalse vissers word gesien as bemagtig om doeltreffend in beleidsvorming en medebestuur van die lewende mariene hulpbronne naby die kus deel te neem. Die plaaslike, provinsiale en nasionale regering bied steun om te verseker dat die kleinskaalse visserysektor kan bydra tot armoedeverligting en voedselsekerheid, asook die groei en ontwikkeling van lewendige plaaslike ekonomieë wat op die beginsels van maatskaplike geregtigheid, deelnemende demokrasie en volhoubare mariene hulpbronbenutting gebaseer is. Om hierdie visie te realiseer, is die fokuspunte van hierdie beleid mense en gemeenskappe; die voorraadketting van vangs na mark; bestuur, monitering en toepassing; en leer, inligting en volhoubaarheid.

Hierdie beleid stel ’n paradigmaverskuiwing en nuwe beleidsbenadering tot die kleinskaalse visserysektor bekend. Die Departement erken dat die nuwe benadering die bestaande behoefte vir transformasie, die progressiewe realisering van menseregte in geraakte gemeenskappe, ontwikkelingsdoelwitte en huidige ekonomiese werklikhede, en die ekologiese volhoubaarheid van die hulpbron moet aanroer, en tot gemeenskapswelsyn en -ontwikkeling moet bydra.

4.1 Mense en gemeenskappe

4.1.1 Gemeenskapsoriëntasie en gemeenskapsgebaseerde benadering

Hierdie beleid stel ’n verandering voor wat wegbeweeg van vorige bestuursbenaderings na een wat ’n gemeenskapsoriëntasie beklemtoon en meganismes en strukture skep vir ’n gemeenskapsgebaseerde benadering tot die oes en bestuur van lewende mariene hulpbronne deur die sektor en tot die toekenning van visvangregte aan ’n regsentiteit wat met

Print to PDF without this message by purchasing novaPDF (http://www.novapdf.com/)

kleinskaalse vissers verbind is. Hierdie verandering gee voorkeur aan vissers en gemeenskappe wat hul historiese betrokkenheid by die sektor en die gebruik van tradisionele visvanggebruike kan demonstreer. Dit moedig 'n herwaardasie aan van die relatiewe voordele wat die kleinskaalse sektor in terme van omgewingsvolhoubaarheid, energiegebruik en arbeidsintensiteitpotensiaal bied.

Die Departement erken dat die toekenning van regte slegs deel van die proses van gemeenskapsopheffing uitmaak, maar dat voortdurende en kruissektorale ondersteuning nodig is om dit te behaal. Die beleid stel verder 'n bestel bekend wat ontwerp is om die ontwikkeling en opheffing van kleinskaalse vissersgemeenskappe te bevorder, deur by te dra tot pogings om armoede te verlig, voedselsekerheid te verseker en billikheid te bevorder sonder om die ekologiese volhoubaarheid van die hulpbronne waarop hierdie gemeenskappe steun, in gevaar te stel.

Die beleid het ten doel om leiding te gee oor hoe die verhouding tussen kleinskaalse vissers en die lewende mariene hulpbronne en ekosisteme wat hierdie vissers oes en waarvan hul lewensbestaan afhang, bestuur moet word en in die praktyk sal werk. Deur die aanneming van 'n benadering wat op die gemeenskap gebaseer is en gemeenskapsoriëntasie ondersteun, erken die beleid voorts die noodsaaklikheid om die oorweging van menseregte te balanseer, en terselfdertyd die ekologiese volhoubaarheid van die hulpbron te verseker.

Die beleid stel voor dat die verantwoordelikheid vir die oes en bestuur van lewende mariene hulpbronne en ekosisteme deur die regering en kleinskaalse vissers gedeel word. Dit kom tot uitvoering in die:

a) reghebbende opsie;

b) die reeks bestuursinstrumente en -hulpmiddels;

c) institusionele reëlings; en

d) kapasiteitsbou en nakomingsmonitering en -uitvoering – wat almal hieronder bespreek word.[14]

[14] Die konsepbeleid is nie 'n strategie, implementeringsplan of prosedurele riglyn nie en beklemtoon dus nie die operasionele besonderhede van hoe die beoogde bestuurstelsel in die praktyk sal werk nie. Die operasionele besonderhede sal bepaal word en kan in regulasies of bedryfsprosedures uiteengesit word nadat die konsepbeleid aangeneem is.

Print to PDF without this message by purchasing novaPDF (http://www.novapdf.com/)

Sodanige benadering beteken die betrekking van kleinskaalse vissers en kusgemeenskappe by besluite oor die oes en bestuur van die hulpbron, asook by die monitering van die sektor. Medebestuur sal voorts gemeenskapsdeelname in inisiatiewe en projekte met betrekking tot die bestuur van natuurlike hulpbronne bevorder. Die konsep dat die regering en gemeenskappe verantwoordelikheid vir die bestuur van hulpbronne (medebestuur)[15] deel, is 'n gevestigde konsep en benadering binne die sektore van omgewings- en hulpbronbestuur en in die besonder ten opsigte van beskermde gebiede en biodiversiteitsbewaring.

4.1.2 Transformasie en gender

Die Departement besef dat daar aan die kleinskaalse visserysektor erkenning en voorrang verleen moet word vir sy maatskaplike, sosio-ekonomiese en makro-ekonomiese belangrikheid. Die bydraes van die derduisende mense wat direk of indirek in die kleinskaalse visserysektor werk, is van kardinale belang vir die nasionale ekonomie. Dit is belangrik om die potensiaal vir vis en visprodukte van hoë gehalte vanuit hierdie sektor as gevolg van die oorwegende gebruik van selektiewe visgereedskap en beter hantering van vis, te erken. Hierdie sektor moet getransformeer word sodat hierdie belangrike aspekte tot die grootste voordeel vir kleinskaalse vissersgemeenskappe gebruik kan word. Hierdie transformasie vereis dat kleinskaalse vissers weer toegang tot tradisionele visvanggebiede kry, toepaslike ondersteuning ontvang en geleenthede gegun word om binne 'n bemagtigende omgewing te werk.

Die behoefte om te verseker dat mans en vroue billike voordeel uit die kleinskaalse visserybeleid put, bied 'n groot uitdaging aan die Departement in die konteks van vorige beleid en verskansde patriargale oortuigings en praktyke. Vroue het nog altyd 'n groot rol in die voor-en-na-visvangaktiwiteite in Suid-Afrika gespeel en in sommige gemeenskappe is vroue die primêre oesinsamelaars van tussengety-hulpbronne. In sommige gebiede het vroue 'n belangrike rol in die ontwikkeling van die visbedryf gespeel deur arbeid vir verwerking en verpakking te verskaf. Die impak van globalisering, die konsolidasie van verwerkingsaanlegte en veranderinge in die geografiese ligging van visuittrekterreine het in die laaste jare tot werksverliese in plattelandse gebiede gelei.

---

[15] Die statutêre grondslag vir medebestuur bestaan ingevolge WNOB:BG (a42). Die fokus hier is egter op medebestuur binne die konteks van beskermende gebiede, en alhoewel dit van toepassing kan wees ten opsigte van kusgemeenskappe wat in (soos die geval is in die meeste natuurreservate in die Oos-Kaap) of langs beskermende gebiede woon, is dit raadsaam dat oorweging geskenk word aan die insluiting van medebestuur van lewende mariene hulpbronne en ekosisteme wat buite die beskermende gebiede val, ingevolge die WLMH in die langtermyn.

Print to PDF without this message by purchasing novaPDF (http://www.novapdf.com/)

Die bekendstelling van genderbillikheidswetgewing in die 1990's, tesame met die klem op gelyke regte vir vroue in die Grondwet, het in 'n skuif binne die regering tot gevolg gehad om vroue aan te moedig om gedurende die mediumtermyn- (2002) en langtermyn- (2005) aansoekrondtes vir visvangregte aansoek te doen. Dit het hoofsaaklik 'n impak gehad op vroue in die Noord-Kaap en Wes-Kaap, waar kwotas in die kommersiële WKK- en lynvisserysektore gedurende die mediumtermyn aan hulle toegeken is. 'n Beduidende hoeveelheid van hierdie vroue het geen vorige ondervinding as vissers gehad nie en het nie hul kwotas persoonlik gevang nie, maar weens die feit dat hulle kwotahouers was, het hulle hulle as regmatige belanghebbendes in die vissery begin beskou. Dit het 'n aantal probleme in die toekenningproses van langtermynregte tot gevolg gehad, aangesien hierdie vroue geglo het dat hulle op regte geregtig was. Diegene wat onsuksesvol was, het nou hulle die Tussentydse Verligting (2007 en 2008) gewend as 'n middel om inkomste te verkry. Die meerderheid van hierdie vroue het in die verwerkingsaanlegte gewerk, voordat hierdie aanlegte weens besnoeiings toegemaak is. In die kusdorpe is daar so min geleenthede vir alternatiewe indiensneming dat die meeste van hulle steeds op vissery as hul primêre bron van inkomste fokus.

'n Beperkte hoeveelheid vroue wat in die mediumtermyn kwotas ontvang het, het opleiding en hul veiligheidsertifikate ontvang. Hierdie vroue is nou gretig om persoonlik op see te gaan, maar baie min van hulle het toegang tot vaartuie. In die Oos-Kaap en KwaZulu-Natal het die meeste van die vroue wat voorheen bestaanspermitte ontvang het, tradisioneel visgevang. Vroue wil die opsie hê om op see te gaan, indien hulle so verkies. Alhoewel min moontlik sal kies om op see te gaan, moet hulle uit die kleinskaalse visserysektor voordeel trek.

Baie van hierdie verwagtinge spruit uit hul vorige betrokkenheid by die sektor, asook die uiters hoë vlakke van armoede in hul gemeenskappe en die tekort aan alternatiewe bronne van inkomste. As primêre versorgers en voorsieners van voedselsekerheid artikuleer hierdie vroue somtyds hierdie eis by gebrek aan 'n lewensvatbare alternatief. Deur 'n menseregtegebaseerde benadering te bevorder, erken die beleid die behoefte om op vroue se historiese erfenis van vooroordeel en ongelykheid in te gaan, en die belangrikheid daarvan om gendergelykheid sentraal tot transformasie in die sektor te plaas, in lyn met die visie en beginsels wat in die Nasionale Genderbeleidsraamwerk uiteengesit is. Die beleid bepleit die belangrike waardetoevoegings- en ondersteuningsrol wat vroue in die kleinskaalse visserysektor speel. Besondere aandag moet gegee word aan die rol wat vroue speel in die opstel van bestuursplanne, die onderhandeling van medebestuursooreenkomste; en die totstandbrenging van institusionele strukture om:

Print to PDF without this message by purchasing novaPDF (http://www.novapdf.com/)

a) die ekonomiese bemagtiging van vroue binne die kleinskaalse visserysektor te bevorder; en

b) praktyke wat voorheen vroue se toegang tot, en voordeel uit, hulpbronne, indiensneming, ekonomiese geleenthede en besluitneming verhinder het, te verander.

Die beleid bevorder voorts 'n samewerkende benadering tussen en binne alle sektore, ten einde te verseker dat gendergelykheid binne die kleinskaalse visserysektor, asook binne die gemeenskapsgebaseerde regsentiteite, behaal word. Meganismes en instellings wat ingevolge hierdie beleid geïmplementeer word, moet die volgende genderspesifieke velde dek:

a) vroue moet bemagtig word om hul regte op deelname in die bestuur van mariene hulpbronne uit te oefen. Dit is veral belangrik aangesien vroue oor die algemeen sosio-ekonomiese kwessies en voedselsekerheid hoë prioriteit gee;

b) daar moet seker gemaak word dat vroue aan die ontwikkeling, implementering en evaluering van visserybeleid deelneem;

c) die opleiding van vroue om aan bemarking deel te neem. Dit sluit vaardigheidsontwikkeling in die gebiede van sakeadministrasie, verwerking en bemarking in;

d) die opleiding van vroue om by toerisme en bykomende ekonomiese geleenthede langs die kus as bestuurders, sjefs, toeroperateurs, gidse ensovoorts, betrokke te raak;

e) die fasilitering van die verbetering van fasiliteite om dit vir vroue makliker te maak om as vissers deel te neem;

f) die strewe na gelyke verteenwoordiging van vroue in institusionele strukture wat met kleinskaalse visserye verband hou; en

g) opvoeding vir vroue om indiensneming en eienaarskap in die akwakultuurbedryf te verseker.

4.1.3 Maatskaplike sekerheid en rampverligting

Die Departement is daarvan bewus dat kleinskaalse vissers dalk nie in die verlede toegang tot skemas vir maatskaplike sekerheid kon kry nie. Ten einde te verseker dat daar vir kleinskaalse vissers wat aan 'n gemeenskapsgebaseerde regsentiteit behoort, binne die regering se maatskaplike sekerheidsnet voorsiening gemaak word, sal die Departement die proses om te verseker dat toepaslike meganismes geskep word, fasiliteer.

Print to PDF without this message by purchasing novaPDF (http://www.novapdf.com/)

Die Departement is daarvan bewus dat kleinskaalse gemeenskappe noodleniging of bystand kan benodig in gevalle waar rampe, hetsy as gevolg van natuurlike of menslike oorsake, 'n bedreiging inhou of dood, besering of siekte veroorsaak of die lewe van 'n gemeenskap ontwrig. Die Departement moet meganismes in plek stel om sodanige gebeurlikheid te hanteer en moet verseker dat voorsorg vir vissersgemeenskappe getref word om in toepaslike omstandighede toegang tot rampverligting of -bystand te verkry.[16]

Die Departement erken dat 'n geïntegreerde en samewerkende benadering met ander departemente, soos Omgewingsake, Vervoer en Maatskaplike Ontwikkeling, asook provinsiale en plaaslike owerhede benodig word ten einde dit te bereik.

Trustfondse kan ook deur gemeenskapsgebaseerde regsentiteite geskep word om finansiële hulp aan vissers te verleen indien nodig.

4.1.4 Arbeidsregte en veiligheid ter see

Soos in die geval van plaas- en huiswerkers is vissers in tye van werkloosheid, siekte en met die dood van 'n broodwinner kwesbaar. Hulle is ook kwesbaar vir uitbuiting deur beginsellose booteienaars, bemarkers en houers van kommersiële visvangregte, en hul reg tot basiese diensvoorwaardes is moontlik geskend. Die minimum arbeidstandaarde en basiese diensvoorwaardes vir die sektor, wat vir veiligheid ter see in die kleinskaalse visserysektor voorsiening maak, moet in lyn met nasionale arbeidswetgewing en die vereistes van SAMVO (die Suid-Afrikaanse Maritieme Veiligheidsowerheid) ontwikkel word. Daar moet ook seker gemaak word dat daar aan die spesiale behoeftes van vroue ten opsigte van werksomstandighede aandag geskenk word.

Die Departement erken dat kleinskaalse vissers tot die Padongelukfonds bydra, maar nie vir ongelukke ter see gedek word nie. Die Departement erken dat 'n geïntegreerde en samewerkende benadering benodig word en sal hieroor en oor ander sake van belang, met inbegrip van die ontwikkeling en handhawing van toepaslike minimum veiligheidstandaarde, met die Departement van Vervoer in gesprek tree.

---

16 Spesifieke noodleniging word aan boere verleen ingevolge die Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne, 43 van 1983, maar dit verwys slegs na "natuurlike landbouhulpbronne".

Print to PDF without this message by purchasing novaPDF (http://www.novapdf.com/)

4.2 Voorraadketting van vangs tot mark

Die Departement erken dat die bemarkingsvereistes wat deur die Langtermynvisserybeleid vereis word en knellende bepalings in kontrakte tussen vissers en die eienaars van visverwerkingsondernemings, waarvolgens vooruitbetalings aan vissers gemaak is, moontlik tot nadeel van hierdie vissers gewerk het.

Die Departement is daarvan bewus dat indien gemeenskappe die maksimum voordeel uit lewende mariene hulpbronne in hul gebiede wil put, hierdie gemeenskappe vir waardetoevoeging tot die hulpbron verantwoordelik moet wees en direk daaruit voordeel moet put. Die Departement moet gemeenskappe met toepaslike infrastruktuur-ondersteuning, advies en ander relevante meganismes bystaan ten einde hierdie doelwit te bereik. Hierdie beleid bied meganismes wat vissers met die bemarking van lewende mariene hulpbronne sal bystaan. Die meganismes wat hierdie beleid in plek sal stel, sluit in, maar is nie beperk tot die volgende nie:

a) subsidieskemas vir die berging van vis. Dit kan die vorm van finansiële ondersteuning vir bergingsfasiliteite en ysmasjiene aanneem;

b) vaardigheidsontwikkeling van mense van vissersgemeenskappe, sowel vissers as nie-vissers, op die gebiede van die verwerking, berging, verpakking, bemarking, vervoer en uitvoer van vis, en basiese sakevaardighede, soos finansiële bestuur, menslikehulpbronbestuur, logistiek en ondernemingsbestuur;

c) subsidieskemas vir die oprigting van bemarkingsondernemings wat plaaslik gebaseer is en in plaaslike besit is, veral ondernemings wat fokus op lewende mariene hulpbronne van hoë gehalte wat met behulp van omgewingsvriendelike vangmetodes deur kleinskaalse vissers gevang is;

d) die ontwikkeling van ’n Suid-Afrikaanse etiket/sertifikaat vir visprodukte wat op omgewingsvriendelike wyse, deur middel van tradisionele metodes en met onbeduidende byvangsvlakke deur kleinskaalse vissers gevang is. Hierdie sertifikaat moet waarborg dat die bemarkingsondernemings aan hoë vlakke van maatskaplike en etiese verantwoordelikhede voldoen. Die toegevoegde waarde van die lewende mariene hulpbron sal vissers, bemarkingsondernemings en Suid-Afrika as geheel tot voordeel strek;

e) die ontwikkeling van ’n omvattende visverwerking-/veredelingstrategie ten einde die maksimum voordeel vir nuwe marktoetreders deur die hele waardeketting in elke vissery te verseker; en

f) die vestiging van ’n omvattende ontwikkelingsfinansieringskema vir vissery.

Print to PDF without this message by purchasing novaPDF (http://www.novapdf.com/)

4.3 Bestuur, monitering en toepassing

4.3.1 Medebestuur van visserye

Die Departement ondersteun ’n medebestuursbenadering vir die bestuur van hierdie vissery. Die benadering is mensgesentreerd en gemeenskapsgeoriënteerd. Die Departement en kleinskaalse vissersgemeenskappe sal gedeelde verantwoordelikheid vir die bestuur van die vissery hê. Medebestuur is ’n deelnemende proses wat maatskaplike billikheid, geregtigheid en die gesamentlike bestuur van lewende mariene hulpbronne bevorder.

Medebestuur van mariene hulpbronne beteken dat geraakte belanghebbendes, veral vissers van vissersgemeenskappe, bemagtig word om saam met die regering aan die ontwikkeling, implementering en evaluering van visserybeleid en -bestuursplanne deel te neem. Medebestuur vereis die afwenteling van sommige bestuursbesluite na die vissersgemeenskappe en die insluiting van die provinsiale en plaaslike regering. Verteenwoordigers van kleinskaalse vissersgemeenskappe in ’n gegewe gebied tesame met die regering sal die medebestuurskomitees uitmaak.

Medebestuur van die vissery sal op ’n deurlopende grondslag geïmplementeer en versterk word. ’n Aanpasbare bestuursbenadering wat vir elke gebied aangepas is, moet aangeneem word. Oor die lang termyn sal medebestuur van kleinskaalse vissery die volgende fasiliteer:

a) verbeterde maatskaplike en omgewingsverantwoordelikheid onder vissers en ander lede van die gemeenskap;

b) verbeterde nakoming in vissery;

c) individuele en kollektiewe bemagtiging in vissersgemeenskappe;

d) versterkte demokrasie; en

e) volhoubare benutting van lewende mariene hulpbronne.

Verskillende visserybestuursplanne sal vir verskillende gebiede ontwikkel moet word as gevolg van die wisselende aard van die mariene en kusomgewing en die verskillende visvang- en broodwinningstrategieë langs die Suid-Afrikaanse kuslyn.

4.3.2 Nakoming, monitering en toepassing

Die Departement erken dat vissersgemeenskappe langs die kus goed geplaas is om met die beskerming van lewende mariene hulpbronne, monitering en aanmelding van ontwettige

Print to PDF without this message by purchasing novaPDF (http://www.novapdf.com/)

aktiwiteite te help. Alhoewel die regering uiteindelik moet verseker dat regulasies nagekom word, maak hierdie beleid voorsiening vir 'n nakomings- en toepassingsbestel wat die ondersteunende en aktiewe selfreguleringsrol voorstaan wat kleinskaalse vissersgemeenskappe deur medebestuur kan en moet speel. Georganiseerde misdaad sal deur die betrokke veiligheids- en sekuriteitstrukture en -prosesse binne die regering hanteer word.

Opvoeding en opleiding is belangrik om te verseker dat lede van die gemeenskapsgebaseerde regsentiteit die vereiste vaardighede en ondersteuning het om visvangverwante aktiwiteite op te teken en te monitor en met die voorkoming van onwettige visvang te help. Die Departement sal maatreëls implementeer om lede van gemeenskapsgebaseerde regsentiteite op te voed en vaardighede aan hulle oor te dra ten einde te verseker dat hulle in staat is om 'n betekenisvolle bydrae tot nakomingsmonitering te lewer. Dit moet die volgende insluit:

a) riglyne oor hoe medebestuurstrukture die TTV/TOV wat aan kleinskaalse vissersgemeenskapsgebaseerde regsentiteite toegeken is, monitor en toepas;

b) die bemagtiging van hierdie regsentiteite om hul verpligtinge met betrekking tot die rekordhouding van gemeenskapsvangste en die ontleding van verslae na te kom; en

c) opleiding in die uitkenning van belangrike spesies en die monitering en stawing van vangste.

Die beleid maak voorsiening vir medebestuur en die afbakening van gebiede wat vir kleinskaalse vissers geprioritiseer kan word. Dit is in die belang van daardie vissers om die hulpbronne waartoe hulle toegang het, te bewaar. Dit kan eerstens behaal word deur die monitering van en verslagdoening oor die hoeveelheid en soort lewende mariene hulpbronne wat deur kleinskaalse vissers in hul onderskeie kleinskaalse vissersgemeenskapgebiede geoes word. Die vissers kan tweedens toegang tot hul kleinskaalse vissersgemeenskapgebied monitor om te verseker dat nie-permithouers of lede nie die hulpbronne uitbuit nie, aangesien dit die persentasie TTV of TOV wat toegeken kan word, kan beïnvloed.

Moniteringsprogramme moet deur die medebestuurskomitee opgestel word en 'n plaaslike monitor moet in elke kleinskaalse vissersgemeenskap aangestel word. Die monitor moet deur die Departement opgelei wees. Dit kan dalk nodig wees om meer as een monitor aan te stel. Die inligting wat deur die monitors ingesamel word, tesame met visserskennis oor die algemeen, sal deel van die medebestuurskomitee se kennisbasis vorm en sodoende die

Print to PDF without this message by purchasing novaPDF (http://www.novapdf.com/)

deurlopende herwaardering van die bestuursplanne fasiliteer en vir vinnige reaksie op 'n afname in visvoorrade voorsiening maak.

Die Minister kan ook lede van 'n kleinskaalse vissersgemeenskap of gemeenskapsgebaseerde regsentiteit as visbewaarders aanstel en die regte wat deur hulle uitgeoefen kan word, spesifiseer.[17] As alternatief kan klousule 50 van die WLMH oor waarnemers ook gewysig word ten einde hul magte te verbreed en die bepalings ook op landgebaseerde waarnemers van toepassing te maak. Hierdie waarnemers kan nakomings-, moniterings- en ander funksies wat deur die Minister bepaal word, uitoefen.[18]

Voorsiening kan ook in die stigtingsdokumente gemaak word dat 'n lid van 'n gemeenskapsgebaseerde regsentiteit vanuit hierdie struktuur geskors kan word indien sy of hy aan 'n oortreding ingevolge die WLMH skuldig bevind word.

4.4 Leer, inligting en volhoubaarheid

4.4.1 Kapasiteitsbou, konflikbestuur en geskilbeslegting

Die beleid stel voor dat 'n strategie vir kapasiteitsbou binne die kleinskaalse visvangsektor en vir die implementering van doelgemaakte opleidingsprogramme (deur middel van die Departement van Arbeid en SETA's) ontwikkel word. Die Departement erken dat kapasiteitsbou belangrik is ten einde te verseker dat vissersgemeenskappe lewende mariene hulpbronne in hul gebiede kan bestuur en gebruik,[19] waardetoevoeging kan maksimaliseer en betekenisvol kan deelneem aan strategiese beplanningsprosesse, soos die GOP-proses, wat 'n impak op hul lewensbestaan en sektor het. Die Departement is daarvan bewus dat kapasiteitsbou, opleiding en vaardigheidsontwikkeling verskaf moet word ten opsigte van, byvoorbeeld, die oprigting van plaaslike gemeenskapsgebaseerde regsentiteite; die voorbereiding en implementering van bestuursplanne; konflikoplossing; die monitering en rekordhouding van vangste; waardetoevoeging en bemarking; en die doeltreffende en doelmatige funksionering van die medebestuurskomitees. Provinsiale en plaaslike regerings en nieregeringsorganisasies (NRO's) sal 'n belangrike rol in kapasiteitsbou en die verskaffing van opleiding aan plaaslike vissersgemeenskappe speel. Kapasiteitsbou-inisiatiewe moet

---

17 Artikel 9(2) van die WLMH.

18 Artikel 50(4): "'n Waarnemer sal die wetenskaplike, nakomings-, moniterings- en ander funksies uitoefen, soos deur die Minister bepaal."

19 Junie 2008, Konsepbeleid 29.

Print to PDF without this message by purchasing novaPDF (http://www.novapdf.com/)

ook op die besorgdhede en behoeftes van vroue toegespits wees. Die Departement is daarvan bewus dat sy eie kapasiteit versterk moet word ten einde 'n geskikte voorligtingsdiens aan die kleinskaalse visserysektor te bied en die meer deelnemende en geïntegreerde benadering wat in hierdie beleid voorgestaan word, te implementeer.

4.4.2 Beleid en wetgewing

Die beleid moet op gereelde grondslag teen die doelstellings geëvalueer word en insette van belanghebbendes moet in aanmerking geneem word. Belanghebbendes moet ook ten volle ingelig word oor alle relevante en verwante beleid en wetgewing, met inbegrip van nasionale wetgewing, provinsiale ordonnansies en munisipale verordeninge wat hul lewensbestaan raak. Die gemeenskapsgebaseerde medebestuursbenadering behoort 'n platform vir meer doeltreffende begrip en toepassing van beleid en wetgewing in die belange van die belanghebbendes te bied.

4.4.3 Navorsing vir ekosisteembenadering tot visserybestuur

Bewarings- en bestuursbesluite moet amptelik op beskikbare wetenskaplike bewyse gebaseer word, en bykomende kennis van die hulpbronne en hul habitat asook relevante omgewings-, ekonomiese en maatskaplike faktore moet ook in ag geneem word. Die Departement moet voorrang aan kleinskaalse vissery, multispesienavorsing en data-insameling verleen ten einde wetenskaplike en tegniese kennis van vissery, met inbegrip van hul interaksie met ekosisteme, te verbeter.[20]

4.4.4 Navorsing vir tegnologie

Navorsing oor kleinskaalse vissery moet alle aspekte van die sektor insluit en die tegnologie wat in die proses ontwikkel word, sal deur middel van die "visserstelsels"-benadering, soortgelyk aan die boerderystelsels-benadering tot navorsing en ontwikkeling (BSNO), getoets moet word. Dit behoort ekonomiese / marknavorsing, die versameling en verwerking van belangrike data in bruikbare inligting, oorsigte van tegnologie wat in ander ontwikkelende lande met kleinskaalse visserysektore gebruik word, invoer- en verwerkingstegnologie en die insameling en evaluering van plaaslike kennis met potensiële en innoverende toepassing in te sluit. Die Departement behoort voorrang te verleen aan navorsing wat tot die groen ekonomie en die ontwikkeling van groen tegnologieë bydra.

---

[20] Aangepas van die VLO se Gedragskode vir verantwoordelike visserye, 1995, klousule 6.4.

Print to PDF without this message by purchasing novaPDF (http://www.novapdf.com/)

Navorsing oor die verbetering van tegnologie vir volhoubare oes moet bevorder word en die tegnologie moet ontwikkel word.

4.4.5 Tegniese en raadgewende steundienste

Die Departement is daarvan bewus dat die beleid se sukses afhanklik is van 'n doeltreffende netwerk tegniese en raadgewende steundienste met die kapasiteit om tegnologie en inligting op grondvlak oor te dra. Sodanige diens moet toegang tot opleiding en inligting oor alle aspekte van die kleinskaalse visserysektor asook alternatiewe lewensbestaan en waardekettingontwikkeling insluit, en moet, waar moontlik, 'n geïntegreerde steunsentrum vir vissers inkorporeer as 'n spilpunt waar vissers toegang tot navorsingsbevindinge en inligting oor klimaat, die beweging van vis, toepaslike tegnologie, permitte en ander dokumente vanaf 'n nasionale databank kan verkry, sonder om Kaapstad toe te reis.

Sodanige sentrums kan gesamentlik bestuur word en kan 'n gemeenskapsbestuurde fasiliteit insluit om basiese visvang- en ander voorraad te verskaf wat dikwels weens afstand en vervoer moeilik is om te bereik. Die sentrums sou 'n beampte met toegang tot tegniese kundiges oor spesifieke kwessies op die perseel hê, wat die doeltreffendheid van die stelsel sou verhoog.

5. MEGANISMES EN INSTRUMENTE VIR DIE BESTUUR VAN KLEINSKAALSE VISSERY

5.1 Bestuursinstrumente en -hulpmiddels

Die beleid stel 'n reeks bestuursinstrumente en -hulpmiddels voor wat in die kleinskaalse visserysektor gebruik kan word. Dit sluit in die bepaling die status van lewende mariene hulpbronne; bestuursplanne; die afbakening van gebiede wat vir kleinskaalse vissers geprioritiseer word; en ooreenkomste. Elkeen van hierdie instrumente en hulpmiddels word kortliks hieronder uiteengesit, maar dit sluit nie ander instrumente en hulpmiddels uit nie.

5.1.1 Omvattende bepaling van hulpbronstatus

Daar word voorgestel dat gereelde omvattende bepalings uitgevoer word om die volgende vas te stel: watter spesies aan kleinskaalse vissers beskikbaar gestel moet word; volhoubare oesmikpunte; en, waar toepaslik, die grense van gebiede wat vir kleinskaalse vissers afgebaken is. Hierdie bepalings sal fokus op die talrykheid en verspreiding van die

Print to PDF without this message by purchasing novaPDF (http://www.novapdf.com/)

belangrikste spesies wat deur kleinskaalse vissers gebruik word, oor die hele bevolking van sodanige spesies heen. Die fokus van die bepalings sal dus op die natuurlike verspreiding van spesies wees, eerder as om op spesifieke kleinskaalse vissersgemeenskapgebiede te fokus. Die Departement moet die bepaling in oorleg met die betrokke kleinskaalse vissersgemeenskappe uitvoer en die bevindinge van sodanige bepaling aan daardie gemeenskappe bekend maak. Raadpleging moet plaasvind deur middel van die gemeenskapstrukture wat as deel van die gemeenskapsgebaseerde medebestuursbenadering tot die bestuur van die lewende mariene hulpbronne van 'n bepaalde gebied in plek gestel is. Die bepaling moet sowel die mariene ekosisteem as die beskikbaarheid en status van spesies in hul verspreidingsgebied insluit, asook sosio-ekonomiese studies wat die bestaansbehoeftes, sterkpunte en swakhede van die betrokke vissersgemeenskap bepaal.

Dit kan gedoen word deur middel van 'n kruissektorale, geïntegreerde benadering waardeur belanghebbendes, soos die plaaslike en provinsiale regering, bestaande regtehouers (waar toepaslik) en nieregeringsorganisasies, ook geraadpleeg word. Die betrokkenheid van plaaslike en provinsiale owerhede behoort te verseker dat die bepalings plaaslike en provinsiale ontwikkelingsprioriteite in ag neem, en voorts dat die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) en Provinsiale Groei- en Ontwikkelingstrategie (PGOS) aan die spesifieke behoeftes en belange van die kleinskaalse visserysektor aandag gee.

5.1.2 Afbakening van kleinskaalse vissersgemeenskapsgebiede

Die beleid stel voor dat bepaalde gebiede langs die kus afgebaken kan word as gebiede wat vir kleinskaalse vissers geprioritiseer word. Sodra die vissersgemeenskap 'n gemeenskapsgebaseerde regsentiteit opgerig het, soos in afdeling 5.2.2 beskryf word, kan die gemeenskap by die Minister aansoek doen om 'n gebied as 'n kleinskaalse vissersgemeenskapsgebied te laat verklaar. Die Departement sal ander regeringsdepartemente wat beperkinge plaas op of tot gebiede wat deur vissers benodig word asook ander belanghebbendes raadpleeg.

Die Minister, die Direkteur-Generaal of kleinskaalse vissersgemeenskappe kan, in gevalle waar 'n geskil ontstaan oor die grense van 'n gebied tussen kleinskaalse vissersgemeenskappe, tussen streke of oor waar die lyne vir die afbakening van kleinskaalse vissersgemeenskapsgebiede getrek moet word, die geskil vir beslegting ingevolge hierdie beleid verwys.

Print to PDF without this message by purchasing novaPDF (http://www.novapdf.com/)

'n Reeks bestuursmeganismes kan dan in hierdie gebied ontplooi word. In sommige gebiede kan toegangsregte vir uitsluitlike gebruik deur kleinskaalse vissers op 'n ruimtelike grondslag voorbehou word. Die uitsluitlike gebruik van lewende mariene hulpbronne kan aan hierdie gemeenskap toegestaan word, en die gebied moet saam deur die gemeenskap en die Departement, deur middel van die toepaslike medebestuurskomitee, bestuur word. Die presiese grense van sodanige gebied sal bepaal word met inagneming van maatskaplike en ekonomiese aspekte, die migrasiepatrone van vis, ander mariene ekosisteem-komponente en die historiese ontspanningsgebruik van die gebied; en na afloop van raadpleging met belangstellende en geraakte partye. Aangewese uittrekgebiede sal in hierdie gebiede geïdentifiseer word en streng maatreëls vir plaaslike gemeenskapsgebaseerde monitering en vangsopname sal ingestel word.[21] Verwysing na afgebakende kleinskaalse vissersgemeenskapsgebiede moet by GOP's ingesluit word ten einde te verseker dat sodanige gebiede geïntegreer word in plaaslike ekonomiese ontwikkelingsprioriteite, asook kusbestuursprogramme en enige ander statutêre plan, beleid of program wat deur 'n staatsorgaan aangeneem word, en kleinskaalse vissersgemeenskapsgebiede kan raak.

Ander vissery- en/of ontwikkelingsaktiwiteit in 'n afgebakende gebied sal aan goedkeuring deur die medebestuurskomitee onderhewig wees.

Staatsorgane moet, met die bepaling van prioriteite ten opsigte van ruimtelike beplanning en ontwikkeling, gebiede wat as kleinskaalse vissersgemeenskapsgebiede afgebaken is, in ag neem ten einde te verseker dat kleinskaalse vissersgemeenskappe se toegang nie belemmer word nie.

5.1.3 Bestuursplanne

Die Departement moet 'n stelsel van bestuursplanne instel om die implementering en bestuur van aktiwiteite op plaaslike vlak te rig en te fasiliteer en gekoördineerde optrede in 'n bepaalde gebied te verseker. Die spesifieke behoeftes van 'n gebied en sy vissers moet in ag geneem word in die ontwikkeling van plaaslike bestuursplanne, tesame met die voorwaardes wat gepaard gaan met die reg om in 'n bepaalde gebied vis te vang en waaroor daar deur middel van 'n plaaslike deelnemende proses ooreengekom is. Die vereiste om

---

[21] In sommige gebiede kan daar twee of meer kleinskaalse vissersgemeenskappe wees wat in dieselfde afgebakende gebied saamwerk. Dit kan nodig wees in gebiede waar vissers tradisioneel 'die snoek gejaag het' of op soek na spesifieke spesies migreer het.

Print to PDF without this message by purchasing novaPDF (http://www.novapdf.com/)

bestuursplanne te ontwikkel, moet in die reg beliggaam of as beleidsinstrumente aangeneem word.

Die inhoud, inligtingsvereistes en prosedures waarvolgens sodanige planne ontwikkel en aangeneem moet word, sal in bepalings (indien hierdie planne statutêre vereistes sou word) of andersins in riglyne of prosessuele handleidings (wat meer buigsaam en dus makliker wysig) vasgelê moet word. Bestuursplanne behoort waardetoevoeging tot lewende mariene hulpbronne en die ontwikkeling van plaaslike markte aan te moedig. Daar word verder voorgestel dat hierdie planne in lyn met ander soortgelyke bestuursplanne, soos plaaslike en streeks-GOP's en kusbestuursplanne, gebring word.

Die bestuursplanne behoort, waar toepaslik, riglyne te bied oor hoe om vir die behoeftes en belange van jong vissers onder die ouderdom van 18 voorsiening te maak, en in die besonder in gevalle waar kinders aan die hoof van huishoudings staan. Bestuursplanne moet ook aandag skenk aan kwessies van genderbillikheid binne die sektor in die plaaslike gemeenskap en maatreëls insluit om te verseker dat veilige en regverdige arbeidspraktyke in die plaaslike vissersgemeenskap gebruik word.

5.1.4 Tegniese beheermaatreëls

Die beleid stel voor dat 'n reeks tegniese beheermaatreëls wat volgens streek sal wissel in die bestuur van lewende mariene hulpbronne in die kleinskaalse visserysektor toegepas word. Hierdie sluit in, maar is nie beperk tot: totale toelaatbare vangste (TTV) en totale ontplooide vangspogings (TOV); geslote gebiede en seisoene; beperkings op sak en grootte; spesifisering van visvangmetodes en -gereedskap; en monitering en rekordhouding van visserydata.

5.1.5 Ooreenkomste

Ten einde doeltreffende medebestuur te verseker, stel die beleid voor dat daar voorsiening gemaak word vir medebestuursooreenkomste om die verhouding tussen die regering en die kleinskaalse vissersgemeenskap in die bestuur van die hulpbron te lei. Die rolle en verantwoordelikhede van elke party moet duidelik omskryf word. Sodanige ooreenkomste moet op só 'n wyse gestruktureer word dat die voordele van die kleinskaalse vissersgemeenskappe nie die ekologiese integriteit van die hulpbron in gevaar sal stel nie en die bereiking van die visie wat in hierdie beleid uitgestippel is, sal ondersteun.

Print to PDF without this message by purchasing novaPDF (http://www.novapdf.com/)

Medebestuursooreenkomste kan, binne die konteks van die betrokke regsraamwerk, verder voorsiening maak vir:

a) die pligte en verpligtinge van die partye tot die ooreenkoms;

b) toegang tot en die gebruik van lewende mariene hulpbronne in kleinskaalse vissersgemeenskapsgebiede en beskermde gebiede;

c) die ontwikkeling van ekonomiese geleenthede, met inbegrip van geleenthede vir kwesbare groepe;

d) finansiële en ander ondersteuning om die doeltreffende administrasie en implementering van die medebestuursooreenkoms te verseker;

e) die duur van die ooreenkoms;

f) verbreking van die ooreenkoms; en

g) maatreëls vir die hantering en oplossing van geskille en konflikte.

Waar toepaslik kan gemeenskapsgebaseerde regsentiteite toegelaat word om ooreenkomste te sluit met naburige gemeenskapsgebaseerde regsentiteite aan wie kleinskaalse visvangregte toegeken is ten einde toegang te verkry tot trek- of ander spesies wat deel van die multispesiemandjie uitmaak,[22] Voor sodanige ooreenkoms egter aangegaan word, moet die Departement hiervan verwittig word en kan die Departement sy goedkeuring toestaan waar die voorgestelde ooreenkoms nie die onaanvaarbare uitbuiting van die spesies tot gevolg het of nie teenstrydig met die doelstellings van hierdie beleid of dié van die betrokke gemeenskapsgebaseerde regsentiteite is nie. Geen ooreenkoms kan gesluit word indien die Departement goedkeuring weerhou nie.

Die suksesvolle implementering van die gemeenskapsgebaseerde benadering en medebestuur hang af van die totstandbrenging van sekere institusionele reëlings en strukture asook die voortgesette ondersteuning van die regering en NRO's, waar toepaslik. Dit word hieronder bespreek.

---

22 Coastal Links se kommentaar oor die Konsepbeleid. Formuleringsopmerking: Die woorde wat na multispesies verwys, is bygevoeg om enige verwarring te vermy oor op watter spesies dit betrekking het.

Print to PDF without this message by purchasing novaPDF (http://www.novapdf.com/)

5.2 Institusionele reëlings

Die beleid stel die totstandbrenging van 'n veelvlakkige organisasiemodel voor wat verteenwoordigers van al drie regeringsfere en die kleinskaalse visserysektor inkorporeer en vir gemeenskapsgebaseerde strukture voorsiening maak.

5.2.1 Veelvlakkige organisasiemodel

Die beleid stel 'n veelvlakkige organisasiemodel voor wat uit verskeie bestuurstrukture bestaan. Op nasionale vlak word daar voorgestel dat die raadgewende adviesstruktuur waarvoor daar in die WLMH voorsiening gemaak is ook oor kwessies wat met die kleinskaalse visserysektor verband hou, advies lewer. Op die volgende vlak word voorgestel dat 'n toegewyde bestuurswerkgroep vir die kleinskaalse visserysektor aangestel word as medium vir interaksie tussen die sektor en die Departement ten einde aangeleenthede wat op die bestuur van die kleinskaalse visserysektor betrekking het, te oorweeg en daarop in te gaan. Op plaaslike vlak word voorgestel dat die medebestuurskomitees en gemeenskapsgebaseerde regsentiteite aandag gee aan implementering en aangeleenthede wat op individuele vissers en spesifieke gemeenskappe betrekking het.

5.2.2 Strukture op gemeenskapsvlak

Gemeenskapsgebaseerde regsentiteit

Die beleid stel voor dat elke kleinskaalse vissersgemeenskap 'n gemeenskapsgebaseerde regsentiteit oprig waarbinne vissers kan werk. Die hoofdoel van hierdie strukture sal wees om as plaaslike bestuurstrukture te dien en om medebestuur en die gemeenskapsgebaseerde benadering wat in hierdie beleid voorgestaan word, te formaliseer. Hierdie strukture sal moet verseker dat alle aktiwiteite wat met die oes en bestuur van lewende mariene hulpbronne geassosieer word, gekoördineer en behoorlik beheer word. Dit sluit nakoming van die voorwaardes van die visvangreg en aanvullende visvangaktiwiteite in. Hierdie strukture sal 'n sleutelrol speel in die versekering dat die belange van die plaaslike vissersgemeenskap en die volhoubaarheid van die ekosisteme en lewende mariene hulpbronne waarvan hulle afhanklik is, nie in gevaar gestel word nie. Die gemeenskapsgebaseerde strukture sal verder dien as platform vir kleinskaalse vissers om hul aspirasies, behoeftes en die uitdagings wat hulle in die gesig staar, uit te druk.

Die vissersgemeenskap sal oor die aard en samestelling van die gemeenskapsgebaseerde regsentiteit besluit en sal gelei moet word deur watter tipe regsentiteit die belange en

Print to PDF without this message by purchasing novaPDF (http://www.novapdf.com/)

behoeftes van die bepaalde gemeenskap die beste sal dien. Regsentiteite kan 'n artikel-21- of ander soort maatskappy, of 'n trust of koöperatief wees. Die gemeenskapsgebaseerde regsentiteit sal sy lede plooibaarheid gee met betrekking tot besluitneming oor watter van sy lede toegelaat kan word om die visvangreg wat aan die entiteit toegestaan is, uit te oefen; hoe hulle hul vangs sal verkoop; en hoe sy lede by aanvullende en waardetoevoegende aktiwiteite betrokke sal wees. Daar word voorgestel dat, wanneer hierdie aktiwiteite plaasvind, daar voorkeur aan vroue se betrokkenheid gegee sal word.

Medebestuurskomitees

Om die medebestuursbenadering wat in afdeling 4.4 beskryf word, te implementeer, moet medebestuurskomitees tot stand gebring word. Hierdie komitees moet uit verteenwoordigers van al drie regeringsfere en lede van die betrokke gemeenskapsgebaseerde regsentiteit bestaan. Medebestuur in gebiede langs of naby beskermende mariene gebiede, moet ook verteenwoordigers van die betrokke bewaringsowerheid insluit.

5.2.3 Verdeling van rolle en verantwoordelikhede

Die Departement sal verantwoordelik wees vir beleidsontwikkeling; raadpleging met alle belanghebbendes; voorafkeuring van aansoekers om visvangregte (dit wil sê, gemeenskapsgebaseerde regsentiteite); hersiening van aansoeke; koördinering van die aansoekprosedure (met inbegrip van aspekte soos die ontwerp van aansoekvorms, advertering van aansoeke en verspreiding van aansoeke); en die toestaan van regte en uitreik van permitte. Die Departement sal deur middel van die medebestuurskomitee die verantwoordelikheid vir die bestuur van lewende mariene hulpbronne met die gemeenskapsgebaseerde regsentiteit deel. Daar sal van hierdie gemeenskapsgebaseerde regsentiteite verwag word om die besluite wat deur die medebestuurskomitee geneem is, te implementeer.

6. BEHOUD VAN REGTE EN TOEKENNING VAN KLEINSKAALSE VISVANGREGTE

6.1 Behoud van regte

Hierdie beleid stel voor dat kleinskaalse visvangregte toegestaan word aan 'n gemeenskapsgebaseerde regsentiteit in 'n bepaalde gebied waar kleinskaalse vissers tradisioneel gewerk het. Geen regte sal aan individue toegestaan word nie, maar individue

Print to PDF without this message by purchasing novaPDF (http://www.novapdf.com/)

wat behoort aan ’n gemeenskapsgebaseerde regsentiteit wat ingevolge hierdie beleid opgerig is, sal voordeel put uit die kollektiewe reg wat aan daardie entiteit toegeken is. Die lewende mariene hulpbronne moet deur middel van medebestuurstrukture bestuur word.

Die stappe wat gemeenskapsgebaseerde regsentiteite moet volg ten einde regte ingevolge hierdie beleid te verkry, word verduidelik in die afdeling wat oor die prosedure vir die toestaan van regte handel (6.2.5).

Die model vir die behoud van regte wat in hierdie beleid vir die kleinskaalse visserysektor voorgestaan word, word in die onderstaande figuur geïllustreer. Die buitenste sirkel verteenwoordig die gebied waarin die kleinskaalse vissers woon en werk; die tweede sirkel verteenwoordig die kleinskaalse vissersgemeenskap, wat bestaan uit die mense wat tans of histories as vissers (met inbegrip van hul families en aanvullende werkers) in daardie gebied woon en visvang; die derde sirkel verteenwoordig die kleinskaalse vissers wat voldoen aan die kriteria vir kleinskaalse vissers wat in hierdie beleid uiteengesit word; en die binneste sirkel verteenwoordig die gemeenskapsgebaseerde regsentiteit (wat die houer van die regte is).

Print to PDF without this message by purchasing novaPDF (http://www.novapdf.com/)



6.2 Toekenning van kleinskaalse visvangregte

Hierdie afdeling brei uit oor die **paradigmaverskuiwing** in die benadering tot die kleinskaalse visserysektor wat in hierdie beleid voorgestel en kortliks in afdeling 4 bespreek is. Hierdie verskuiwing stel 'n nuwe benadering voor wat eeue-oue tradisies en praktyke in die vang, oes en bestuur van lewende mariene hulpbronne onder kleinskaalse vissers erken en daarvan gebruik maak. Die nuwe benadering het terselfdertyd ten doel om aan die ekologiese volhoubaarheid van die hulpbron, die progressiewe verwesenliking van sosio-ekonomiese menseregte binne geraakte gemeenskappe en huidige ekonomiese werklikhede aandag te skenk. Die beleidsverskuiwing is op verskillende, maar onderling verwante aspekte toegespits, met inbegrip van:

Print to PDF without this message by purchasing novaPDF (http://www.novapdf.com/)

a) transformasie en die herstel van vorige onregte in die sektor;

b) die benadering wat in die uitoefening van die visserymandaat aangeneem word; en

c) die meganismes vir die bestuur van die sektor.

Die beleid stel 'n verskuiwing weg van vorige bestuursbenaderings voor, na een wat gemeenskapsoriëntasie beklemtoon en meganismes en strukture vir 'n gemeenskapsgebaseerde benadering tot die vang, oes en bestuur van lewende mariene hulpbronne deur die sektor en tot die toekenning van visvangregte aan kleinskaalse vissers tot stand bring. Dit is in lyn met die wêreldwye tendens wat 'n verskuiwing in die beheer en bestuur van visserye na 'n wyer benadering wat die deelname van vissers, plaaslike rentmeesterskap en gedeelde besluitneming aandui.[23] Die beleid gee voorkeur aan die vissers en gemeenskappe wat hul historiese betrokkenheid in die sektor en die gebruik van tradisionele visvangpraktyke kan demonstreer.

6.2.1 Benadering tot toekenning

Regte wat ingevolge hierdie beleid toegeken is, is tot voordeel en opheffing van 'n spesifieke vissersgemeenskap of vir die vissersgemeenskap in geheel. Die betrokke streeks- en internasionale instrumente, fundamentele menseregte soos in die Grondwet bepaal en die beginsels en doelstellings wat in die WLMH en die beleid neergelê is, sal in ag geneem word om die sosio-ekonomiese regte van kleinskaalse vissers, regverdige toegang tot lewende mariene hulpbronne en die ontwikkeling van florerende gemeenskappe te beveilig. Behoorlike aandag moet aan die bevordering van die regte van kwesbare groepe geskenk word.

6.2.2 Gemeenskapsgebaseerde stelsel van regte-toekenning

Kleinskaalse visvangregte moet aan gemeenskapsgebaseerde regsentiteite toegeken word. Die gemeenskapsgebaseerde regsentiteit sal saamgestel word uit individuele persone wat aan die kriteria vir 'n kleinskaalse visser ingevolge hierdie beleid voldoen en 'n kleinskaalse vissersgemeenskap uitmaak. Die kriteria om as kleinskaalse visser geskik geag te word en om aan 'n gemeenskapsgebaseerde regsentiteit te behoort, word in afdeling 6.2.4 uiteengesit.

---

[23] R.S. Pomeroy en R. Rivera-Guieb, *Fishery Co-Management: A Practical Handbook.*

Print to PDF without this message by purchasing novaPDF (http://www.novapdf.com/)

Die Departement moet meganismes vir die kontrole van lidmaatskap in plek stel; en in gevalle waar geskille ontstaan oor die geskiktheid om as lid van ’n kleinskaalse vissersgemeenskap of regsentiteit ingesluit te word, moet hierdie geskille vir beslegting verwys word soos ingevolge hierdie beleid voorsiening gemaak word.

Die Departement staan ’n reg om vis te vang en, waar toepaslik, ’n reg om ’n verwerkingsonderneming te bedryf toe aan ’n gemeenskapsgebaseerde regsentiteit waar ’n vissersgemeenskap verklaar is. Die kleinskaalse vissersgemeenskap bepaal die wyse waarop die regte wat die Minister aan hulle toegestaan het onder lede van die regsentiteit uitgeoefen moet word. Die kleinskaalse vissersgemeenskap moet die Departement gedurende hierdie fase uitvoerig raadpleeg om dit ingelig te hou oor die rede, wyse en metodes wat met die seleksie van die vissers gebruik word.

Voorkeurbehandeling van vroue en gestremde persone kan ook gebied word. Dit kan dalk nie moontlik wees om alle vissers of oesinsamelaars wat deel van die kleinskaalse vissersgemeenskap uitmaak en lede van die regsentiteit is, toe te laat om aktiwiteite, soos om op see te gaan, te onderneem nie. Meganismes soos rotasieskedules kan dus waar wenslik nodig wees. Geen regte sal ingevolge hierdie beleid aan individuele persone toegeken word nie. Kleinskaalse vissers wat ingevolge die langtermynregte-toekenningsproses regte hou en wat nie deel van ’n gemeenskapsgebaseerde regsentiteit is nie sal nie op die behoud van regte ingevolge hierdie beleid geregtig wees nie.

Plaaslike verkope en verbruik van lewende mariene hulpbronne is belangrik. Die Departement sal die ontwikkeling van plaaslike markte en die maksimering van voordele wat uit kleinskaalse vissers op plaaslike vlak verkry moet word, aanmoedig. Dit sal ’n reeks positiewe aansporings insluit ten einde plaaslike markaktiwiteit te bevorder en die mag van kleinskaalse vissersgemeenskappe te vergroot. Spesifieke maatreëls sal ook ingestel word om vroue in die ontwikkeling van ’n reeks waardetoevoegende aktiwiteite te ondersteun.

6.2.3 Multispesiebenadering

Die Departement erken dat kleinskaalse vissers tradisioneel ’n verskeidenheid spesies geoes het. Die benadering is dat oorweging hieraan geskenk sal word deur vissers toegang tot veelvuldige spesies binne ’n gebied of ’n bepaalde voorkeurgebied te gee. Die besluit rakende watter spesies in die toekenning ingesluit sal word, asook die omvang van die toekenning, sal hoofsaaklik op die hoeveelheid beskikbare lewende mariene hulpbronne

Print to PDF without this message by purchasing novaPDF (http://www.novapdf.com/)

gegewe die TTV, sone-toekennings en TOV van bepaalde spesies gebaseer wees. Die insluiting van spesies in die multispesiestelsel sal, onder andere, van die volgende afhang:

a) die beskikbaarheid en produktiwiteit van bepaalde spesies van 'n sedentêre aard in 'n bepaalde gebied;

b) die geografiese beskikbaarheid van spesifieke trekspesies aan die betrokke kleinskaalse vissersgemeenskap en die TOV van daardie spesies. As gevolg van die aard van trekspesies sal dit nie moontlik wees om hierdie spesies aan spesifieke gemeenskapsgebaseerde regsentiteite wat binne 'n bepaalde kleinskaalse vissersgemeenskapsgebied werk, toe te ken nie. Die toekenning vir trekspesies sal, waar toepaslik, oor die grense van kleinskaalse vissersgemeenskapsgebiede en volgens die geografiese beskikbaarheid (van die hulpbron) aan die betrokke gemeenskap toegestaan word en sal nie die algehele vangspoging vir daardie spesies oorskry nie;

c) die mate waarin hierdie hulpbronne (sedentêre en trekspesies) volhoubaar benut kan word;

d) die mate waarin 'n bepaalde hulpbron reeds ingevolge die langtermynregte-toekenningproses benut word;

e) die beskikbaarheid van bepaalde spesies waar die TTV uit sone-toekennings bestaan, met inagneming van die toekennings aan ander subsektore (soos die kommersiële en ontspanningsektore) ten einde te verseker dat die sone-toekenning nie die TTV oorskry nie;

f) die potensiële markwaarde van die hulpbron met die verkoop daarvan, met inagneming van die waardetoevoegingspotensiaal; en

g) die aard, omvang en geskiedenis van tradisionele visvangs in die gebied.

Dit is 'n paar van die faktore wat die Departement in ag kan neem tydens die oorweging van watter spesies in die toekenning van kleinskaalse visvangregte aan gemeenskapsgebaseerde entiteite ingesluit moet word. Die lys faktore is nie volledig nie. Die hoeveelheid lede van 'n gemeenskapsgebaseerde regsentiteit in 'n gebied of bepaalde voorkeur-visvanggebied wat die visvangreg sal uitoefen om 'n bepaalde hulpbron te oes wat aan daardie gemeenskapsgebaseerde regsentiteit toegestaan is, sal byvoorbeeld ook in ag geneem word ten einde te verseker dat die hulpbron volhoubaar benut word. Die Departement kan, waar toepaslik, oorweeg om voorkeur te gee aan die toekenning van "nuwe" spesies wat vir die kleinskaalse vissery beskikbaar word.

Print to PDF without this message by purchasing novaPDF (http://www.novapdf.com/)

6.2.4 Toekenningskriteria

Die kriteria vir die toekenning van regte om vis te vang en om visverwerkingsondernemings te bedryf aan kleinskaalse vissersgemeenskappe en vir 'n kontrolemeganisme om tussen kleinskaalse vissers en kleinskaalse vissersgemeenskappe en ander individue en gemeenskappe te onderskei, word hieronder uiteengesit.

Bykomend tot die toepassing van die kriteria wat hieronder uiteengesit is wanneer daar bepaal moet word of 'n gemeenskap 'n kleinskaalse vissersgemeenskap is, moet die besluitnemer ook ander faktore in ag neem. Hierdie faktore kan die volgende insluit:

a) behoorlike oorweging daarvan om jong volwassenes (tussen 18 en 35 vanuit die kleinskaalse vissersgemeenskap) die geleentheid te gee om die kleinskaalse visserysektor te betree, alhoewel hulle nie kan bewys dat hulle tien jaar ondervinding het nie; en

b) hantering van versoeke van nie-Suid-Afrikaanse burgers wat aan die onderstaande kriteria voldoen om as geskik vir opname in die kleinskaalse vissersgemeenskap, geag te word.

KRITERIA VIR GEMEENSKAPSGEBASEERDE REGSENTITEIT (REGTEHOUER)	**KRITERIA VIR VISSERS OM LEDE VAN GEMEENSKAPSGEBASEERDE REGSENTITEIT TE WORD**
Erkende kleinskaalse vissersgemeenskap	Moet Suid-Afrikaanse inwoners (manlik of vroulik) vanuit die kleinskaalse vissersgemeenskap wees
Gemeenskapsgebaseerde regsentiteit	Moet ten minste 18 jaar oud wees (in die geval waar kinders aan die hoof van huishoudings staan, kan 'n voog uit die gemeenskap aangestel word om sodanige kinders as lede van die regsentiteit te verteenwoordig)
Lys geïdentifiseerde geskikte vissers	Moet lewende mariene hulpbronne direk oes of op 'n daaglikse grondslag in bedrywe soos verwerking en bemarking van die hulpbronne betrokke wees (tensy liggaamlik gestremd)
	Moet direkte historiese betrokkenheid in die kleinskaalse visserysektor kan wys (deur tien jaar ondervinding op enige enkele tyd, maar nie

Print to PDF without this message by purchasing novaPDF (http://www.novapdf.com/)

KRITERIA VIR GEMEENSKAPSGEBASEERDE REGSENTITEIT (REGTEHOUER)	KRITERIA VIR VISSERS OM LEDE VAN GEMEENSKAPSGEBASEERDE REGSENTITEIT TE WORD
	noodwendig oor die laaste tien jaar nie)
	Moet historiese betrokkenheid in tradisionele visvangbedrywe te wys, wat die vang, verwerking of bemarking van lewende mariene hulpbronne insluit
	Moet die grootste gedeelte van hul bestaansmiddele uit kleinskaalse of tradisionele visvangbedrywe verkry en moet kan wys dat hulle historiese afhanklik is van lewende mariene hulpbronne, hetsy direk of in huishoudelike verband, om in voedsel- en basiese bestaansbehoeftes te voorsien
	Moet geen ander permanente werk hê nie
	Lewe van hul vangs, of is by verkope, ruilhandel of semi-kommersiële aktiwiteit betrokke

6.2.5 Prosedure vir die verkryging van gemeenskapsgebaseerde regte

'n Kleinskaalse vissersgemeenskap doen aansoek by die Minister vir erkenning as 'n kleinskaalse vissersgemeenskap. Voor die aansoek om 'n kleinskaalse vissersgemeenskap egter ingedien word, moet die Departement gemeenskappe inlig oor die kriteria vir sodanige gemeenskap, die redes waarom 'n kleinskaalse vissersgemeenskap verklaar word en die implikasies van sodanige verklaring ingevolge die beleid. Die Departement moet dit onder die aandag van persone in die gemeenskap bring deur werksessies of inligtingsveldtogte in koerante of radiouitsendings of enige ander middele wat dit onder omstandighede geskik ag.

Die kleinskaalse vissersgemeenskap doen aansoek by die Minister om as 'n kleinskaalse vissersgemeenskap ingevolge hierdie beleid erken te word. Omvattende raadpleging tussen die gemeenskap en die Departement kan nodig wees voor die aansoek aan die Minister gerig word. Dit is om te verseker dat die gemeenskap die implikasies van die verklaring van 'n kleinskaalse vissersgemeenskap verstaan. Die proses word hieronder verduidelik en in die daaropvolgende diagram uiteengesit.

Print to PDF without this message by purchasing novaPDF (http://www.novapdf.com/)

a) Die minister is oortuig dat dit ’n bona fide- kleinskaalse vissersgemeenskap is en verklaar die kleinskaalse vissersgemeenskap en omskryf die omvang daarvan.

Nadat ’n kleinskaalse vissersgemeenskap sy aansoek by die Minister ingedien het, oorweeg die Minister daardie aansoek in terme van die definisie en kriteria in hierdie beleid. Indien die Minister oortuig is dat die gemeenskap ’n kleinskaalse vissersgemeenskap is, verklaar die Minister dit as sodanig en omskryf sy die omvang van die gemeenskap. Hierdie verklaring moet in die Staatskoerant gepubliseer word asook in ’n plaaslike koerant van die gemeenskap se omgewing.

b) Die kleinskaalse vissersgemeenskap identifiseer kleinskaalse vissers wat voldoen aan die kriteria om deel van die gemeenskapsgebaseerde regsentiteit te word en hierdie lys word aan die Minister voorgelê.

Dit is die verantwoordelikheid van die kleinskaalse vissersgemeenskap om die kleinskaalse vissers in daardie gemeenskap te identifiseer wat voldoen aan die kriteria vir insluiting by die gemeenskapsgebaseerde regsentiteit wat deur die beleid bepaal word. Nieregeringsorganisasies moet moontlik hierdie gemeenskappe bystaan om te verseker dat die kriteria behoorlik toegepas word sodat die lys die name van bona fide- kleinskaalse vissers bevat.

Die oproep om name kan gedoen word deur middel van ’n advertensie in ’n plaaslike koerant van daardie omgewing of enige ander metode wat die Departement onder omstandighede geskik ag. Lede van die voorgestelde kleinskaalse vissersgemeenskap lewer kommentaar op die name op die voorlopige lyste op grond van die bepaalde kriteria vir ’n lid van ’n gemeenskapsgebaseerde regsentiteit. Die kleinskaalse vissersgemeenskap ontwikkel ’n lys van kleinskaalse vissers vanuit daardie gemeenskap. Hierdie lys word aan die Minister voorgelê.

’n Kleinskaalse visser mag op see gaan om vis te vang of te oes solank haar of sy naam op die lys is, sy of hy visvang ooreenkomstig die bepalings waarop ooreengekom is toe die gemeenskapsgebaseerde regsentiteit besluit het wie die regte mag uitoefen, en sy of hy visvang ooreenkomstig die voorwaardes van die permit wat deur die Departement uitgereik is. Die gemeenskapsgebaseerde regsentiteit is daarvoor verantwoordelik om die lys by te werk, maar die Departement moet van die bywerking verwittig word.

c) Die Minister, die Departement of ’n derde party kontroleer die lys aan die hand van die kriteria. Hulle lig die kleinskaalse vissers in dat die gemeenskapsgebaseerde regsentiteit opgerig mag word.

Print to PDF without this message by purchasing novaPDF (http://www.novapdf.com/)

Die name van persone op die lys sal gekontroleer word teenoor die kriteria wat deur die kleinskaalse vissersgemeenskap in daardie spesifieke gebied gebruik is. Die beleid stel voor dat die kontrole deur ’n onafhanklike derde party onderneem word. Hierdie meganisme is ten einde te verseker dat die kriteria na behore toegepas is en dat slegs persone wat wel kleinskaalse vissers is lede van die gemeenskapsgebaseerde regsentiteit sal wees. Indien die gemeenskapsgebaseerde regsentiteit in ’n latere stadium die name op die lys bywerk, sal daardie name moontlik ook gekontroleer moet word.

d) Die gemeenskapsgebaseerde regsentiteit word opgerig.

Wanneer die name op die lys gekontroleer is, mag die gemeenskapsgebaseerde regsentiteit opgerig word. Hierdie gemeenskapsgebaseerde regsentiteit bestaan uit kleinskaalse vissers wat op grond van die definisie nie slegs persone insluit wat by visvang betrokke is nie, maar ook persone wat by die verwerking van lewende mariene hulpbronne betrokke is.

Die Departement kan, ten einde vissers en gemeenskappe te help om die oprigting van ’n regsentiteit behoorlik te oorweeg, te implementeer en ten uitvoer te bring, werksessies hou om dit aan vissers en gemeenskappe te verduidelik en hulle te adviseer oor die regsentiteite wat aan gemeenskappe beskikbaar is. Die vissers en gemeenskappe sal moet besluit op die geskikte regsentiteit wat in hul beste belang is. Die Departement kan, met die bystand van ander regeringsdepartemente, die nodige opleiding en opvoeding verskaf om die onderskeie gemeenskappe te help om ingeligte besluite ten opsigte van die mees geskikte regsentiteit te neem.

Indien die meerderheid lede van die kleinskaalse vissersgemeenskap teenwoordig by ’n vergadering om op ’n regsentiteit te besluit die soort regsentiteit kies, moet daardie gemeenskapsgebaseerde regsentiteit opgerig word. Die Departement, ’n ander regeringsdepartement of selfs verteenwoordigers van NRO’s kan by sodanige vergadering as voorsitter optree. Voorlopige komiteelede moet genomineer word wat daarvoor verantwoordelik sal wees om te verseker dat die entiteit opgerig word en geregistreer word ingevolge die wette wat op daardie entiteit van toepassing is.

Die kleinskaalse vissersgemeenskap rig ’n gemeenskapsgebaseerde regsentiteit op (of in gevalle waar die Departement van mening is dat dit toepaslik is, meer as een) vir ’n kleinskaalse vissersgemeenskap in ’n spesifieke gebied. Die reg om vis te vang en ’n visverwerkingsonderneming te bedryf, word besit deur die gemeenskapsgebaseerde regsentiteit bestaande uit kleinskaalse vissers (met inbegrip van persone wat by bemarkings-

Print to PDF without this message by purchasing novaPDF (http://www.novapdf.com/)

en verwerkingsaktiwiteite betrokke is). Die regte van die individuele lede van hierdie regsentiteit moet in die oprigtingsdokumente van die regsentiteit beskerm word.

e) Die gemeenskapsgebaseerde regsentiteit stel ’n lys op van lede wat die entiteit se toekenning mag vang en doen aansoek om die visvangreg en ook, indien nodig, die visverwerkingsreg.

Die gemeenskapsgebaseerde regsentiteit stel dan ’n lys op van vissers wat op see mag gaan om die toekenning wat aan die entiteit gemaak is, uit te oefen. Geen regte word aan ’n individuele persoon toegeken nie, aangesien die entiteit die reg besit. Dit is dalk nie moontlik vir al die vissers wie se name op die lys is om aktief by die vang van lewende mariene hulpbronne betrokke te wees nie. Dit kan wees omdat die TTV of TOV wat aan die gemeenskapsgebaseerde regsentiteit toegeken is, nie voldoende is om te regverdig dat al die lede van die gemeenskapsgebaseerde regsentiteit op see gaan nie. Dienooreenkomstig kan die gemeenskapsgebaseerde regsentiteit genoodsaak wees om van rotasieskedules of enige ander meganisme gebruik te maak ten einde te verseker dat daardie vissers wat op see wil gaan wel die geleentheid het.

Die besonderhede van hoe hierdie vissers vir hul vangs beloon sal word, moet ook vooraf bepaal word, alhoewel dit van tyd tot tyd gewysig kan word. Die besonderhede moet stipuleer of die vissers vir die vangs betaal moet word, of hulle salaristrekkende werknemers is en die mate waarin die vissers mag deel in die voordeel wat geput word uit die waarde wat tot die hulpbron bygevoeg word. Hierdie besonderhede sal in die oprigtingsdokumente van die gemeenskapsgebaseerde regsentiteit uiteengesit word.

Wanneer die lys persone wat die lewende mariene hulpbron mag vang of oes, opgestel en gefinaliseer is, dien die gemeenskapsgebaseerde regsentiteit sy aansoek om ’n visvangreg en, indien nodig, ’n visverwerkingsreg in.

f) Die Minister (of gedelegeerde beampte) oorweeg die aansoek en besluit om die reg(te) toe te staan of te weier.

Die Minister (of haar gedelegeerde beampte) besluit om die reg toe te staan of te weier. Indien ’n gedelegeerde beampte die besluit geneem het, is ’n appèl tot die Minister beskikbaar. Wanneer die Minister ’n besluit geneem het, is geen verdere appèl beskikbaar nie.

Print to PDF without this message by purchasing novaPDF (http://www.novapdf.com/)

Print to PDF without this message by purchasing novaPDF (http://www.novapdf.com/)

6.2.6 Duur van regte

Kleinskaalse visvangregte sal toegeken word vir die oorblywende tyd van die toekenningstydperk vir langtermynregte. Dit is sodat die Departement tyd het om die spesies waartoe kleinskaalse vissers toegang mag hê, te herevalueer. Dit het ook die bykomende voordeel dat dit toelaat dat hierdie beleid op een lyn met die ander toekenningsprosesse gebring word, wat ook raadpleging met bestaande regtehouers insluit.

6.2.7 Appèl

Enige persoon wat geraak word deur ’n besluit wat geneem is deur ’n ander persoon handelende op gesag wat ingevolge die WLMH of artikel 238 (d.w.s. agentskap en delegering) van die Grondwet gedelegeer is, mag by die Minister appèl aanteken.

In die geval waar die Minister haar gesag aan ’n beampte delegeer om ingevolge die WLMH ’n besluit te neem om regte toe te staan (soos uiteengesit in afdeling 6.3.2 hierbo) kwantum tot ’n gemeenskapsgebaseerde regsentiteit, mag daar by die Minister teen daardie besluit appèl aangeteken word. Geen appèl is beskikbaar in gevalle waar die Minister die besluit neem nie. Die besluite waarteen appèl aangeteken mag word, sluit die volgende in:

a) die weiering om ’n kleinskaalse vissersgemeenskap te verklaar;

b) die afbakening van ’n gebied wat deur ’n bepaalde kleinskaalse vissersgemeenskap gebruik mag word;

c) die weiering om regte aan ’n gemeenskapsgebaseerde regsentiteit toe te staan; of

d) in die geval waar ’n gemeenskapsgebaseerde regsentiteit kleinskaalse visvangregte toegestaan word, maar dit nie tevrede is met die toekenning wat gemaak is nie.

Indien ’n appèl by die Minister aangeteken is, word die besluit waarteen geappelleer is, opgeskort totdat die Minister die appèl oorweeg het.

6.2.8 Meganismes vir konflikoplossing

Indien daar konflik tussen lede van ’n kleinskaalse vissersgemeenskap ontstaan, moet daardie konflik opgelos word in terme van die interne meganismes vir konflikoplossing waarop lede van die gemeenskapsgebaseerde regsentiteit ten tyde van die oprigting daarvan ooreengekom het. Geen appèl tot die Minister is beskikbaar nie. Indien ’n individu wat aan ’n gemeenskapsgebaseerde regsentiteit behoort, verontreg voel deur enige besluit

Print to PDF without this message by purchasing novaPDF (http://www.novapdf.com/)

wat binne daardie struktuur geneem is, het sy of hy nie verhaal op die appèlbepalings ingevolge die WLMH nie.

Die Direkteur-generaal mag, uit sy of haar eie beweging of op versoek van 'n kleinskaalse vissersgemeenskap, 'n gemeenskapsgebaseerde regsentiteit of enige lid van 'n kleinskaalse vissersgemeenskap of gemeenskapsgebaseerde regsentiteit, 'n geakkrediteerde bemiddelaar aanstel wat vir die partye aanvaarbaar is om te help om enige kwessies op te los of geskille te besleg, met inbegrip van die volgende:

a) die geskiktheid van individue om lede van 'n gemeenskapsgebaseerde regsentiteit te wees;

b) die voorbereiding of aanname van 'n grondwet;

c) konflik tussen kleinskaalse vissersgemeenskappe;

d) konflik tussen 'n kleinskaalse vissersgemeenskap en die gemeenskapsgebaseerde regsentiteit;

e) konflik tussen gemeenskapsgebaseerde regsentiteite;

f) konflik tussen 'n gemeenskapsgebaseerde regsentiteit en sy lede of tussen lede of komiteelede van hierdie entiteite.

Die Direkteur-generaal mag, uit sy of haar eie beweging of op versoek van een van die partye in die geskil, 'n persoon aanstel wat genoegsame ervaring in of kennis van bemiddeling in gemeenskapsgeskille het in gevalle waar die partye in die geskil nie kan ooreenkom oor die persoon wat aangestel moet word nie.

6.2.9 Huidige regtehouers

Vissers aan wie langtermyn-visvangregte volgens die proses vir die toekenning van langtermynregte toegestaan is en wat aan die kriteria vir kleinskaalse vissers voldoen, mag hulle visvangregte vir die duur van die tydperk vir langtermynregte behou. Wanneer die tydperk vir langtermyn-visvangregte verstryk, mag die kleinskaalse visser egter by hierdie beleid geïnkorporeer word, met dien verstande dat sy of hy aan die kriteria vir kleinskaalse vissers voldoen en deel van die gemeenskapsgebaseerde regsentiteit is.

'n Visser wat voldoen aan die vereistes vir 'n kleinskaalse visser ten opsigte van die kleinskaalse vissersgemeenskap of gemeenskapsgebaseerde regsentiteit met visvangregte ingevolge die langtermynbeleid mag kies om in hierdie beleid geakkommodeer te word. In

Print to PDF without this message by purchasing novaPDF (http://www.novapdf.com/)

daardie geval sal hy of sy nie geregtig wees om die visvangreg te behou wat ingevolge die Algemene Visserybeleid oor die Toekenning en Bestuur van Langtermyn- Kommersiële Visvangregte (2005) toegeken is nie. Die Minister mag na haar goeddunke, en in gevalle waar dit toepaslik is, die TTV en/of TOV kombineer van permithouers ingevolge die langtermynbeleid wat besluit om ingevolge die beleid geakkommodeer te word en die Minister mag dit by die TTV en/of TOV van die betrokke kleinskaalse vissersgemeenskap of gemeenskapsgebaseerde regsentiteit byvoeg.

Daar is verskeie kategorieë regtehouers ingevolge die huidige langtermyn-visserybeleid wat ernstige wetlike uitdagings vir die ontwikkeling van die beleid inhou. Byvoorbeeld, 'n groot hoeveelheid persone wat ingevolge die beleid as kleinskaalse vissers kwalifiseer, het toegelaat dat hul name en identiteitsdokumente gebruik word om maatskappye te stig wat kommersiële regte het. Baie van hierdie vissers het egter nie gereelde of konsekwente dividende ontvang nie en is steeds afhanklik van die kleinskaalse visserysektor vir hul bestaan. Hierdie vissers moet, wanneer die voorlopige lyste opgestel word, versoek dat hul name by die lys bygevoeg word. Hulle moet egter besonderhede verskaf van die regsentiteite met kommersiële visvangregte waarvan hulle deel is en aan die Departement en gemeenskapsgebaseerde regsentiteit bewys lewer van die geld wat hulle ontvang het oor die tydperk waarvoor die regsentiteit die langtermyn- kommersiële visvangreg behou. Sodra daardie inligting voorsien is, mag die Departement die saak ondersoek en die nodige stappe doen.

6.3 Visverwerkingsondernemings

Geen persoon mag 'n visverwerkingsonderneming bedryf tensy die Minister 'n reg aan daardie persoon toegestaan het om sodanige onderneming te begin of te bedryf nie.[24] Die aktiwiteite wat deur gemeenskapsgebaseerde regsentiteite onderneem word, kan onder die betekenis van 'n "visverwerkingsonderneming" val, soos in die WLMH omskryf word. Dit beteken dat bykomend tot kleinskaalse visvangregte 'n reg om sodanige onderneming te bedryf ook nodig sal wees.[25] Spesiale klem moet geplaas word op die versterking van die rol wat vroue in visverwerking speel as 'n manier waarop vroue in die kleinskaalse visserysektor bemagtig kan word.

---

[24] Artikel 18(1) van die WLMH.

[25] Die betekenis van "visverwerkingsonderneming" kan gewysig word om fasiliteite of gebiede wat deur kleinskaalse vissers gebruik word, uit te sluit.

Print to PDF without this message by purchasing novaPDF (http://www.novapdf.com/)

Tydens die regtetoekenningsproses moet die Departement dit onder entiteite se aandag bring dat hulle ook om 'n visverwerkingsreg aansoek sal moet doen en dat hul lede die vis by 'n spesifieke onderneming sal moet verwerk. Dit kan 'n meganisme wees om die spesies wat gevang word te moniteer en die saamvoeging van die onderskeie vangste, en nog belangriker, die verspreiding van geld wat deur die verkoop van vis verdien is, te beheer. Dit kan egter onprakties wees om dit regdeur al die gebiede te implementeer.[26]

6.4 Toepaslikheid van permitte, heffings en fooie

6.4.1 Permitte, heffings en aansoekfooie

Die Departement poog om te verseker dat toegang tot sy administrasie ten opsigte van onder andere besluitneming en permitte meer deursigtig en, waar toepaslik, gedesentraliseerd sal wees. Die Departement is bewus van die probleme wat vissers ervaar wanneer hulle kwessies wil opper of bekommernisse het waarop ingegaan moet word. Die oprigting van gemeenskapsgebaseerde regsentiteite en medebestuur kan sommige van hierdie probleme wat hulle voorheen ervaar het, oplos deur 'n platform te bied waarop hierdie aangeleenthede op plaaslike vlak aandag kan geniet, benewens die oprigting van inligtingspilpunte wat vissers ook van hulp kan wees.

Gemeenskapsgebaseerde regsentiteite sal 'n nominale aansoekfooi betaal wanneer hulle om kleinskaalse visvangregte aansoek doen. Sodanige fooie sal deur middel van raadpleging met belanghebbendes bepaal word sodra die beleid geïmplementeer is. Vir sekere hefbare spesies (wat nog bepaal moet word), mag die Departement heffings op uitgetrekte vis vra.

6.4.2 Voorwaardes vir kleinskaalse visvangregte en permitte

Die Departement mag voorwaardes insluit wanneer dit regte of permitte toestaan wat toepaslik vir hierdie sektor in die beleid is.

Die Departement mag die volgende voorwaardes insluit wanneer dit regte toestaan, naamlik dat:

a) daar nie van die ooreengekome kriteria afgewyk word nie;

b) daar spesiale bepalings vir vroue, mense met gestremdhede en bejaardes is;

c) statistieke bygehou word en gereeld aan die Departement gestuur word; of

---

[26] Verdere insette deur die belanghebbendes is nodig.

Print to PDF without this message by purchasing novaPDF (http://www.novapdf.com/)

d) waar toepaslik, heffings betaal word.

Die onderstaande voorwaardes kan in die permit ingesluit word:

e) die soort vaartuig wat gebruik mag word;

f) die visgereedskap wat gebruik mag word;

g) die gebiede waarin daar visgevang mag word;

h) die gebiede waarin lewende mariene hulpbronne uitgetrek mag word;

i) die gebiede waarin lewende mariene hulpbronne verkoop mag word;

j) dat daar aan voedselveiligheidsvereistes voldoen moet word; of

k) dat arbeidswette nagekom moet word.

6.5 Oordrag van visvangregte

Kleinskaalse visvangregte mag slegs in buitengewone omstandighede oorgedra word en slegs aan 'n gemeenskapsgebaseerde regsentiteit wat ingevolge die beleid opgerig is. Die oordrag van hierdie visvangregte moet strook met die beginsels en doelstellings van die beleid.

Aansoek om die oordrag van die reg moet aan die Minister gerig word. Die Minister besluit of die reg oorgedra mag word al dan nie. As deel van die besluitnemingsproses moet die Minister die kriteria vir die toekenning van kleinskaalse visvangregte wat in die beleid uiteengesit word, oorweeg, asook die mate waartoe die kleinskaalse vissersgemeenskap of die gemeenskapsgebaseerde regsentiteit aan wie die reg oorgedra gaan word aan die kriteria voldoen.

Die Minister kan, voor en tydens die oorweging van 'n aansoek om die oordrag van visvangregte, 'n oproep doen om kommentaar van die kleinskaalse vissersgemeenskap, gemeenskapsgebaseerde regsentiteite in die gebied of persone in die gebied waarin die reg uitgeoefen sal word.

7. HERSIENING VAN DIE BELEID

Ten slotte/laastens is dit belangrik dat daar met die aanvaarding en implementering van die beleid 'n verbintenis tot voortdurende en voortgesette hersiening van die beleid se doeltreffendheid ten opsigte van ekologiese volhoubaarheid en die sosio-ekonomiese

Print to PDF without this message by purchasing novaPDF (http://www.novapdf.com/)

behoeftes van die betrokke gemeenskappe en vissers is. Wanneer die Departement die algemene visserybeleid hersien, sal dit die beginsels, doelstellings en bestuursbenadering ten opsigte van die kleinskaalse visserysektor soos uiteengesit in hierdie beleid in ag neem ten einde belyning tussen die beleide te verseker.

Navorsing en voortgesette monitering deur sowel die regering as belanghebbendes sal 'n belangrike rol in die identifisering van swak punte en tekortkominge in die beleid en die implementering daarvan speel.

Die Departement sal 'n monitering-en-evalueringstelsel daarstel ten einde seker te maak dat die regering en ander belanghebbendes bruikbare, betroubare en tydige terugvoer ontvang. Hierdie stelsel moet ook risikogebiede, soos finansiële bestuur deur diensverskaffers en begunstigdes, die toereikendheid van steundienste en omgewingskwessies moniteer. Lukrake ex post-oudits, sowel fisies as finansieel, sal stelselmatig ontplooi word.

Die monitering-en-evalueringstelsel kan die uitkomste en prosesse van die projek assesseer, byvoorbeeld, deur van die onderstaande metodes en hulpmiddels gebruik te maak:

a) 'n aangepaste bestuursinligtingstelsel (BIS), ten einde aanvangs- en vorderingsdata oor ingrypings asook begunstigdes en diensverskaffers se prestasie te versamel en te organiseer;

b) riglyne vir rekordhouding en bestuur van prestasie-inligting;

c) periodieke kwalitatiewe monitering van begunstigdes, ten einde projekprosesse en -probleme te ondersoek;

d) periodieke opnames op ondernemings- en firma-vlak uit 'n steekproef begunstigdes, ten einde te help om voordele van die projek op ondernemingsvlak te bepaal; en

e) kwalitatiewe assessering van die impak van die beleid op mense wat in die fokusgebiede woon.

'n Nougesette wetenskaplike impakstudie sal onderneem word om die sukses of mislukking van die beleid oortuigend te demonstreer. Dit is die impakstudie wat beoordeel of die vernaamste uitkomsaanwysers, naamlik sukses en volhoubaarheid, behaal word.

Print to PDF without this message by purchasing novaPDF (http://www.novapdf.com/)

Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001
Publications: Tel: (012) 334-4508, 334-4509, 334-4510
Advertisements: Tel: (012) 334-4673, 334-4674, 334-4504
Subscriptions: Tel: (012) 334-4735, 334-4736, 334-4737
Cape Town Branch: Tel: (021) 465-7531

Gedruk deur en verkrygbaar by die Staatsdrukker, Bosmanstraat, Privaatsak X85, Pretoria, 0001
Publikasies: Tel: (012) 334-4508, 334-4509, 334-4510
Advertensies: Tel: (012) 334-4673, 334-4674, 334-4504
Subskripsies: Tel: (012) 334-4735, 334-4736, 334-4737
Kaapstad-tak: Tel: (021) 465-7531